
Toe God nog
Koning Was
Verhale van die
Rigters
Louis Nel

# Toe God nog Koning Was

## 'n Reeks Oordenkinge oor die boek Rigters

Louis Nel

November 2012

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za



Gaan Na Inhoud

# Inhoud

**Klik op titel om na hoofstuk te gaan**


Voorwoord
'n Volk in Wording

**Deel 1 - Simson**

Filistyne
Manoag se Hartseer
Simson se Geboorte
Simson se Begeerte
Die Leeu
Die Raaisel
Simson Word Verraai
Jakkalse net Waar jy Kyk
Die Dodelike Eselskakebeen
Moeilikheid by die Prostituut
'n Man-ding
In die Mag van die Filistyne
Die Meule Maal
Die Groot Val

**Deel 2 - Debora**

Die Groot Geveg
Jael, die Heldin

**Deel 3 - Jefta**
Geloftes Maak Skuld

**Deel 4 - Gideon**
Ontmoeting met God
Die Manne Word Gesif
Die Gideonsbende Slaan Toe
Die Finale Oorwinning

# Voorwoord

Maar is God dan nie meer Koning nie?

Inderdaad is God nou meer Koning as óóit! Die boek handel egter oor die tydperk voor konings oor Israel regeer het - toe Israel nog ‘n Teokrasie was, waar God deur die Volk gesien is as die enigste ware Koning.

Ongelukkig was hierdie bloedjong volk nou nie juis so lojaal aan hierdie Koning nie, en telkemale moet ons met groot hartseer lees dat die volk alweer gedoen het “wat verkeerd was in God se oë”. Kort-kort het hulle in afgodery verval. En dan moes God hard praat om hulle weer na Hom te laat draai.

Praat het dikwels nie gehelp nie, en dan moes God drastiese stappe gebruik om hulle te laat luister - dan moes Hy die ander volke rondom Israel stuur om hulle te karnuffel sodat hulle kon luister.

Dit was in tye soos hierdie, wanneer die volk berou het, wat God die een of ander Rigter stuur om die volk te verlos - Simson, Gideon, Debora en baie ander.

In hierdie boek kyk ons na die lewe van ‘n paar


Gaan Na Inhoud

van hierdie interessante leiers wat Israel uit die verknorsing moes red.

Louis Nel

# ‘n Volk in Wording

## Rigters Inleiding

Die vroeë geskiedenis van die volk Israel het ‘n klompie baie interessante karakters opgelewer. Na die uittog uit Egipte het Moses die volk vir veertig jaar lank deur die woestyn gelei. Na Moses se dood het Josua die volk ingelei oor die Jordaanrivier die Beloofde Land in. En dan begin ‘n totale nuwe fase van die volk in wording. Josua was toe al ‘n bejaarde man. Nadat die land suksesvol beset is, sterf Josua op die goeie ouderdom van 110 jaar.

Josua se dood laat ‘n groot leemte by die volk, want nou is hulle eintlik leierloos. Dit sou nog tweehonderd jaar neem voordat die eerste koning oor Israel regeer. In hierdie tydperk tree etlike sterk leiersfigure na vore om die volk te lei. Dit so in ‘n neutedop gestel. Maar eintlik was dit gladnie so eenvoudig nie. Ek het al die jare gedink dat die rigters so een na die ander as leiers opgetree het en die hele volk gelei het. Maar dit is baie ver van die waarheid af.

Tussen 1200 en 1000 vC. was Israel as’t ware ‘n Teokrasie - dit beteken dat die volk eintlik deur



Gaan Na Inhoud

God regeer was. In hierdie tyd was die volk eintlik nog geensins ‘n eenheid nie - dit was ‘n klomp losstaande stamme wat totaal onafhanklik van mekaar gefunksioneer het en versprei was oor ‘n groot gebied. Dikwels het hulle nie eers kontak met mekaar gehad nie. Die tweede feit om te onthou, is dat hierdie splinternuwe volk gladnie geïsoleer was van die res van die wêreld nie. Daar was verskeie ander volke wat dieselfde grondgebied as hulle bewoon het - reg tussen hulle gebly het. En hierdie volke was nou nie juis altyd so vriendelik nie. Die geringste ou vonkie het gereeld die kruitvat laat ontplof, en dan het die vonke behóórlik gespat.

Wanneer een van die stamme so met ‘n buurman slaags raak, dan het daar keer op keer ‘n leier na vore getree wat die stam voorgegaan het en leiding geneem het om die geskille op te los. Soms was ander stamme ook betrek om te help met die gevegte wat sou volg.

Sekerlik die grootste probleem wat die volk as ‘n geheel ondervind het, was veroorsaak deur die feit dat hulle so verweef met ander volke geleef het. Moses het hulle baie mooi probeer leer van God, maar wanneer jou buurman so lekker

afgode aanbid, en veral as dit gepaard gaan met losbandige rituele, dan word ‘n mens baie maklik verlei om eerder by die buurman se lekker godsdiens in te val. Die gevolge sien ons aan die begin van feitlik elke perikoop in die verhaal: “Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here....” Hierdie sinnetjie word keer op keer herhaal. Die gevolge vir die volk was dat hulle aangeval en oorheers was deur groter volke.

Israel moes leer om aan God gehoorsaam te wees. Hulle moes leer om erns te maak in hulle verhouding met God.

Wanneer ons aan rigters dink, dan is dit belangrik om te onthou dat so ‘n rigter nie noodwendig namens die hele Israel opgetree het nie. Gewoonlik was sy optrede gelokaliseerd in ‘n sekere gebied, en dikwels het dit ook gebeur dat meer as een rigter opgetree het in dieselfde tydperk, maar in verskillende gebiede.

Die rigtertydperk het natuurlik aangebreek met die koms van Saul wat gesalf is tot koning oor Israel. Maar nou wil ek ‘n strikvraag vra: Wie was die eerste koning in Israel? Die antwoord is voor

die hand liggend: Natuurlik Saul!

Nee, eintlik is dit nie heeltemal waar nie - dit is nie algemeen bekend nie, maar daar was wél ‘n koning voor Saul. Lees gerus Rigters 9 - die geskiedenis van Abimelek. In Rigters 9:6 lees ons: “Toe het al die burgers van Sigem en al die mense van Millo bymekaar gekom en vir Abimelek gaan koning maak.” Abimelek was dus die eerste koning in Israel. Sy regering was egter ‘n volslae mislukking.

Maar dis nie oor Abimelek waaroor ons eerste verhaal handel nie - dit is oor een van die bekendste figure uit die Ou Testament - die kragman, Simson.

Die verhaal van Simson begin met die bekende inleidende woorde: “Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here....” Vir veertig jaar lank is die Israeliete oorgegee in die mag van die Filistyne. Hierdie nasie van “Seemense” het letterlik amok gemaak onder die stamme van Israel. Hulle was moedeloos. Sou daar ooit weer vir hulle redding kom? Dalk het die Here nou al moed opgegee met hierdie weerbarstige volk wat so chronies

agter ander gode aanhardloop. Hulle was al so moedeloos, dat hulle nie eers meer gevra het dat die Here hulle moet red uit hierdie verknorsing nie.

Maar God het geweet wat hulle behoefte was, selfs sonder dat hulle gevra het. Hy het ‘n reddingsplan vir hulle gehad.......

Gebed:

Here, vandag word daar ook van ons eie volk gesê dat ons alweer doen wat verkeerd is in U oë. Ek wil bid vir my volk, dat hulle hulle sal bekeer van hulle verkeerde weë.

# Filistyne

## Rigters 13:1

Die Filistyne - ‘n pyn vir die jong volk Israel. Jonk, want skaars tweehonderd jaar tevore het hulle ontsnap uit die kloue van die Farao. Nee, eintlik het hulle nie ontsnap nie - God het hulle uit Farao se mag gepluk.

Intussen het daardie vreemde klomp van oorkant die see hulle intrek begin neem aan die kusgebied van Israel - dit is nou die Filistyne. Kom glo iewers van die eilande in die omgewing van die Egeïse See. ‘n Regte klomp skoorsoekers is hulle - altyd lus om moeilikheid te maak. Eers was dit Egipte wat onder hulle deurgeloop het, maar die Farao het hulle op hulle plek gesit. Toe begin hulle vir Israel teiken, want hulle was nie meer tevrede met net hulle ou stukkie aarde nie. ‘n Regte pyn, die klomp!

Hulle was egter ‘n nog groter pyn vir die vroue van Israel, want die Filistynse meisies was sag op die oog, en die manne van Israel het met groot begeerte na hulle geloer. En by loer alleen het dit beslis nie gebly nie!

In die vorige dagstukkie het ons gelees dat


Gaan Na Inhoud

Rigters 13 met hierdie woorde begin: “**Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here....**” Dan lees ons dat die Here die Israeliete vir veertig jaar lank oorgegee het in die hand van die Filistyne.

Vandag huil ons by die Here omdat dit so sleg gaan met ons land. Die verskriklike misdaadsyfer, en veral geweldmisdaad, korrupsie, bedrog, verkragting - noem maar op. Boonop is ons jongmense uitgelewer aan dwelms, en wanneer hulle die geleentheid kry, haak die jongmense totaal uit en gaan hulle hulle te buite met drank en losbandigheid en alles wat lelik is, soos wat elke jaar gebeur net na die matriek eksamen. Dan het ons nog nie eers gekom by werkloosheid en armoede en ‘n totale verval van sedes nie. En boonop staar ons die verskriklike omgewingskrisis in die gesig.

En ons kerm: “Waarom Here?” en pleit: “Red ons asseblief - gee ons uitkoms!”

Dalk is ons nou waar die Israeliete was in Simson se tyd - besig om verkeerd te doen in die oë van die Here.

“Ja”, wil ons sê, “kyk maar na die regering; kyk

maar hoe sondig leef die ongelowiges!” en ons wys die vinger beskuldigend.

“Stop die lorrie!” hoor ek ‘n stem, “Dis nie oor die sondes van die ongelowiges wat hierdie dinge met ons gebeur nie, dit is óns!”

Inderdaad moet ons as gelowiges ‘n slag goed gaan introspeksie doen. Kom ons begin by ons grootste kommer - ons kinders. Waarom is daar so baie probleme met ons jongmense? Waarom raak ons kinders verstrengel in dwelms en ander duiwelsdinge? Dr. Kobus Gerber, sekretaris van die NG Kerk, het onlangs ‘n gesprek gehad met Minister Trevor Manuel, waar die minister vir hom die vinger gewys het: “Julle het julle kinders uitkontrakteer!”

Uitgekontrakteer? Dink maar mooi: wie is verantwoordelik om ons kinders geestelik op te voed en hulle op die pad te vat na ‘n lewe saam met Jesus? Ons laat daardie taak meeste van die tyd in die bekwame(?) hande van die skool of dalk die kerk. Die kerk kan ons nog vertrou, maar dit is vir ‘n halfuur per week. Die skool? Nee, ek weet nie so mooi nie! Geestelike opvoeding is uit en uit die taak van ons ouers.

Van kleins af moet kinders die geestelike waardes geleer word deur hulle ouers, nie alleen deur hulle te vertel nie, maar deur vir hulle ‘n voorbeeld te wees. Dit moet elke dag by hulle ingeskerp word. Die probleem is dat ons nie die tyd het daarvoor nie. Ons is te besig met ander dinge om nog genoeg tyd aan ons kinders te spandeer, en hulle bewus te maak van die dinge van die Here.

Daar is ook ander redes waarom dit so sleg gaan met ons land. Die meeste gelowiges het lou en geestelik lui geword. Een voorbeeld hiervan is dat ons eerder die kerk op TV kyk as om aktief deel te neem aan ‘n erediens. Dan mis ons die punt, want by ‘n erediens gaan dit onder meer oor die saam wees - saam te aanbid en saam te sing en saam mekaar te versterk ens. Uitvloeisel hiervan is die vraag of ek deel is van die span wat dissipels maak van alle nasies, soos Jesus ons beveel het? Leef ek werklik my liefde uit soos Jesus gevra het, en soos wat Paulus dit beskryf het in 1 Korintiërs 13 en ander plekke?

Doen ons as gelowiges nog werklik wat reg is in God se oë? Is die “Filistyne” wat ons lewe



Gaan Na Inhoud

oorheers nie dalk ‘n manier van God om vir ons te sê dat Jesus se wederkoms nou baie naby is, en dat ons nou moet begin werk nie? Dalk is hierdie dinge God se manier om ons aan te spoor om weer te doen wat Hy wil hê dat ons moet doen.

**Gebed:**

**Here, ek staan ook skuldig, want ek weet dat ek dikwels baie laks is, en dat ek nie doen wat U van my vra nie. Ek wil U dien Here, met alles binne in my.**



Gaan Na Inhoud

# Manoag se Hartseer
## Rigters 13:2-8

In die dorpie Sora woon ’n toegewyde man, Manoag en sy vrou. Haar naam het in die vergetelheid van die geskiedenis verlore geraak, dus noem ons haar maar “Ma”. Manoag en Ma was ‘n moedelose egpaar. Nee, dit was nie die Filistyne wat hulle moedeloos gemaak het nie, maar juis die feit dat die arme vrou nie haar naam kon gestand doen nie - hulle was kinderloos. Dit was nie alleen ‘n skande nie, maar ook ‘n ramp, want daar was niemand om die naam van die familie voort te dra nie, en niemand om vir hulle te sorg in hulle oudag nie. Manoag en Ma was moedeloos gebid - hulle het al gedink dat die Here nie na hulle gebed geluister het nie, want waarom hoor hulle dan niks - gebeur daar net mooi niks? Maar God het hulle gehoor. Die tyd was nog net nie gereed vir hulle baba om gebore te word nie, want God het ‘n baie groot plan gehad vir hierdie eenvoudige gesin.

Op ‘n dag, terwyl Ma besig was met haar daaglikse take in die huis, staan daar skielik ‘n


Gaan Na Inhoud

Man voor haar. Sy skrik haar asvaal, want sy het niemand hoor binnekom nie - Hy was skielik net daar! Hoe het die Man in die huis gekom? Wie was Hy? Al wat sy geweet het, was dat hierdie nie sommer ‘n gewone mens was nie - Hy was so totaal anders as enigeen wat sy al gesien het. Daar was iets baie heilig aan die Man.

Wat sy nie besef het nie, is dat hierdie niemand anders was nie as die Engel van die Here, die Boodskapper. Dit beteken dat Hy in werklikheid géén engel was nie, maar God sélf in die Persoon van die Seun. Baie jare later sou Hy vir dertig jaar tussen hierdie volk kom woon, en sou Hy bekend staan as Jesus, die Christus.

Die vrou het verstom gestaan, want toe die Man met haar begin praat, besef sy dat Hy absoluut alles van haar af weet. Hy het geweet van haar sieleworsteling oor haar kinderloosheid - iets waaroor sy met niémand gepraat het nie. Hy vertel vir haar dat Hy gekom het om vir haar goeie nuus te bring: haar jare van kinderloosheid het tot ‘n einde gekom. Om die waarheid te sê, is sy alreeds swanger, al weet sy dit nie eers nie! Sy gaan ‘n seuntjie in die wêreld bring.

Daar is egter ‘n voorwaarde wat sy moet nakom: sy mag géén wyn of bier drink nie, en absoluut niks wat onrein is mag oor haar lippe kom nie. Boonop mag sy hierdie seuntjie wat sy in haar dra se hare nooit skeer nie. En dan sê Hy vir haar iets wat haar hart sommer wild aan die bons laat gaan: haar seun gaan Israel verlos uit die mag van die Filistyne!

As Ma haar oë knip, is die Man weg. So ongemerk soos Hy gekom het, het Hy weer verdwyn. Sy moet haarself knyp om doodseker te maak dat sy nie dalk gedroom het nie. Wie wás hierdie man? Hoe is dit moontlik dat Hy alles van haar af kon weet? Hy was so wonderlik anders.........

Ma gryp haar rokspante vas en begin hardloop, so vinnig as wat haar twee beentjies haar kan dra, reguit na die landerye waar Manoag besig is. “Pa, Pappa,” hyg sy uitasem wanneer sy nog ver weg is. Hy kyk verskrik op, maar dan is hy sommer dadelik vererg ook, want hoe durf sy hom “Pappa” noem as sy weet van hierdie seer wat so diep binne in hom sit, dat hy nooit óóit ‘n pa sal wees nie. “Bedaar tog Vrou, wat is dit? Wat is verkeerd?” Hy kan sommer sien dat iets

verskriklik ontstellend met haar moes gebeur het.

“Die Man het my kom sê dat ek swanger is,” hyg sy, “en ons gaan ‘n seun hê en....”

“Wag Vrou,  kom sit eers op hierdie klip en raak rustig, en dan vertel jy my watter Man jy van praat - ek het g’n Man naby ons huis gesien nie.”

Wanneer Ma haar asem terug het, vertel sy: “Ek was besig om my huiswerk te doen, en toe skielik staan daar ‘n Man voor my. Jy moet my glo - hierdie was g’n gewone man nie, ek dink Hy was ‘n Engel of iets - Hy was so anders!”

Manoag skud sy kop - hy kan net eenvoudig nie glo wat hy hoor nie - engele verskyn mos nie sommer net so aan mense nie - miskien nog aan spesiale mense soos profete, maar nie doodgewone mense soos hulle nie. “En wat sê hierdie Engel nogal?” por hy haar skepties, ongelowig aan.

Dan vertel sy hom dat die Engel gesê het dat sy swanger is en dat hulle ‘n seun gaan hê en hoe hy die volk gaan verlos van die Filistyne, en dat hulle hierdie kind aan God moet wy tot sy dood toe.

Manoag wil sy vrou so bitter graag glo, maar steeds is hy skepties. Daardie nag bid Manoag: “Here, stuur asseblief weer die Man van God na ons toe sodat Hy ons kan leer wat ons met hierdie kind moet doen.”

Soms voel dit asof God nie my gebed hoor nie - bid ek verniet. Maar dan kom die Here en antwoord my gebed op so ‘n totaal verrassende tyd en manier. God se tyd is anders as ons s’n, en Sy antwoord is dikwels ‘n baie groot verrassing. Moet nooit ophou bid nie!

**Gebed:**

**Dankie Here, dat U luister na my gebed, al is ek ook so nietig.**

# Simson se Geboorte

# Rigters 13:8-25

Manoag raak aan die slaap met ‘n gebed op sy lippe: “Here, stuur asseblief weer die Man van God na ons toe sodat Hy ons kan leer wat ons met hierdie kind moet doen.” Sy vrou sal mos nie jok oor sulke dinge nie? Dit moes ‘n werklikheid gewees het - hy is séker dat sy die Engel gesien het.

En weereens luister die Here na die gebed van ‘n eenvoudige man. Op ‘n dag, nie lank na hierdie Godsverskyning nie, stap Ma die veld in om alleen te wees. Sy kan die gesig nie uit haar gemoed kry nie. Sy verstaan dit nie, maar dit het met haar gebeur. Waarom juis sy? Sy gaan sit onder ‘n boompie, en dan voel sy oor haar maag, waar sy dink die kindjie dalk moet wees. Sy maak haar oë toe, en ‘n salige glimlag gly om haar mond as sy weer die Man se vriendelike gesig voor haar sien.

Dan word sy bewus van Iemand wat by haar teenwoordig is. As sy haar oë oopmaak, dan skrik sy haar boeglam, want vlakvoor haar staan dieselfde Man, en Hy glimlag vir haar. Een

oomblik was daar niemand, en die volgende was Hy net daar - sommer so uit die niet. Sy spring op, en sonder om eers ‘n woord te sê begin sy hardloop so vinnig as wat sy kan, reguit na hulle huisie toe waar Manoag besig is.

“Hy is hier!” hyg sy uitasem, “Hy is weer hier - daardie Man waarvan ek jou vertel het - die een wat gesê het dat ek swanger is! Kom gou Pappa, kom!”

Manoag laat nie gras onder sy voete groei nie - so vinnig as wat sy twee leersandale en sy waardigheid hom toelaat om te hardloop, haas hy hom agter sy opgewonde vrou aan. En daar kry hy die Man, nes Ma gesê het. Manoag skrik hom yskoud as Hy die Man van aangesig tot aangesig sien, want wáárlik, hierdie is géén gewone mens nie - Hy is beslis ‘n Goddelike Wese - dalk selfs die Engel van God sélf!

“Is U die Man wat nou die dag met my vrou gesels het?” Dit is ‘n retoriese vraag, want Manoag weet eintlik al lankal wat die antwoord sal wees.

Die Here ken elke hart, en Hy weet presies van die angs en onsekerheid in Manoag se binneste,

dus stel Hy hom gerus: “Ja Manoag, Ek is die Man.”

Manoag het so baie vrae wat die afgelope paar dae in sy deurmekaar gemoed maal: “Wanneer U belofte waar word, wat moet ons doen? Hoe moet ons hom grootmaak? Hoe moet hierdie seuntjie hom gedra? Hoe.....”

“Manoag, wees net rustig, bedaar - Ek het klaar vir jou vrou verduidelik. Sy moet maar net doen wat Ek vir haar gesê het.” En dan verduidelik die Engel van die Here weer vir Manoag van die wyn en die onrein kos.

“Wag, ek gaan gou ‘n bokkie slag en vir U gaarmaak.......” Manoag is nou baie opgewonde. Maar die Engel van God wys dit vriendelik van die hand. As Manoag dan iets wil doen, dan kan hy vir die Here ‘n offer bring.

Skielik besef Manoag dat hy gladnie weet met wie hy gesels nie - wie is hierdie Man? Is Hy ‘n engel? “Meneer, sê my asseblieftog wat u Naam is - ek sal darem baie graag aan U eer wil betoon wanneer U belofte waar geword het.”

“Waarom vra jy my Naam? Nee Manoag, my Naam is te wonderlik om uit te spreek.” En



Gaan Na Inhoud

daarmee is die saak afgehandel. Manoag sal maar tevrede moet wees om net oor alles te wonder.

Manoag het gemaak soos die Man gevra het - hy het ‘n bokkie geslag en saam met ‘n graanoffer aan die Here geoffer. Terwyl die Man en Ma toekyk, plaas Manoag die offerande op die offervuur. Die volgende oomblik styg die vlam op tot in die hemel, en die Man verdwyn saam met die vlam die hemel in. Oopmond staar Manoag en sy vrou na die asemrowende gesig. Dan val die twee soos dooies op die grond neer terwyl Manoag kerm: “Ons is gedoem! Ons gaan sterf! Ons het God gesien!”

Skielik besef Ma dat die Here hulle mos nie sal laat sterf nie - Hy het dan vir hulle hierdie wonderlike belofte gegee! “Nee ou Man, die Here het ons brandoffer aangeneem - ons gaan lewe!”

Nie baie maande later nie, sien hulle seuntjie die lig. Almal was daar - die hele dorp - om hierdie blye dag saam met hulle te vier. Daar is gesing en gedans en fees gevier tot dagbreek toe.

Die trotse Manoag het sy seun Simson genoem.

Manoag het die Here ontmoet - wat ‘n wonderlike voorreg. Het jy Hom al ontmoet? Ek het! Die wonder is dat Hy vandag hier is vir elkeen, en dat dit nie alleen ‘n paar uitgesoekte mense is wat Hom mag ken nie. Wat ‘n heerlike voorreg om elke dag, en te enige tyd met Hom te mag gesels. Kom ons maak die beste daarvan!

**Gebed:**

**Here, dankie vir U wonderlike belofte van Matteus 28, dat U met ons is tot aan die voleinding van alles. Dankie dat ek met U kan gesels, en dat ek kan weet dat U altyd hier is vir my.**

# Simson se Begeerte

# Rigters 13:24-14:3

In die dorpie Sora het die vreugdevure hoog gebrand. Almal was in ekstase oor Manoag en Ma se seuntjie, Simson. Wie sou nou ooit kon droom dat daar na soveel jare van getroude lewe uiteindelik ‘n kindjie vir hulle gebore kon word? Dit is ‘n wonderwerk! Die meeste inwoners is maar baie skepties oor die twee se beweringe van die Engel van God wat aan hulle verskyn het. Maar is hierdie wondergeboorte nie dalk die bewys daarvan nie? En dan is daar nog ou Manoag se aanspraak dat klein Simsonnetjie die volk gaan verlos van die Filistyne! Nee, hierdie een is darem ‘n bietjie dik vir ’n daalder - watter man gaan op sy eie hierdie magtige klomp vegters aanvat?

Klein Simsonnetjie het ‘n seun geword - weliswaar anders as die ander seuns van sy ouderdom. Almal het hom gespot oor sy lang haarlokke, maar weldra het hulle groot respek vir hom begin kry, want so klein as wat hy was, so sterk was hy. Niemand het met hom skoor gesoek nie! Simson het die gespot oor sy hare

laggend verdra, want Ma het hom van kleins af geleer dat hy baie spesiaal is, en dat die hare ‘n opdrag was van God - ‘n opdrag wat Hy persoonlik vir hulle gegee het. Nie een van sy maats kon sê dat die Here persoonlik met hulle ouers gepraat het nie!

Wanneer Simson wasdom bereik, ervaar hy op ‘n wonderlike wyse hoedat die Gees van God in hom is en werk. Die seën van die Here rus op die mooigeboude jong man, en hy begin ook baie duidelik die buitengewone gawe wat die Here hom gegee het te ervaar - ongekende fisiese krag. Nie een van sy maats kan by hom kers vashou nie - almal is te bang om hom aan te vat - selfs die sterkste onder die sterkes.

In hierdie tyd is die bedreiging van die Filistyne erger as ooit. Oral waar jy kyk is daar Filistyne - in die dorpe, op die platteland - oral. En waar daar Filistyne is, daar word die lewe van die Israeliete versuur. Hierdie manne kyk smalend op die Israeliete neer. En dit is juis uit die geledere van die Filistyne waar Simson se grootste bedreiging tot nog toe kom.

Soos reeds gesê, is Simson ‘n mooi man. En hy

gaan beslis nie ongesiens verby die meisies nie - almal is beenaf oor daardie gespierde kêrel. En Simson hou natuurlik van al die aandag. Meisies word die een groot swakte in Simson se lewe. As hy ‘n mooi meisie sien, begin sy hormone skoon deurmekaar raak.

Op ‘n dag stap Simson deur een van die Filistynse dorpies, Timna. En dan sien hy haar: die mooiste skepsel op twee bene! Sy is alles wat ‘n man se hart kan begeer, met sulke lang pikswart wimpers wat fladder soos ‘n skoenlapper. Simson val so byna-byna oor sy eie voete. Sommer met die eerste oogopslag is die sterk man platgeslaan - smoorverlief. “Daardie meisie móét ek hê!” stoom dit in hom. Hy kwyl. Hy kan nie ophou kyk nie. En sy besef dit!

Baie gou vind Simson uit wie hierdie engel is. “Maar Simson, sy is ‘n Filistyn!” probeer sy maats hom vermaan. Maar aan Simson is daar géén salf te smere nie - hy trek net sy skouers op: “Wat maak dit tog saak?”

Vir dae lank loop Simson en broei, en al wat hy voor hom sien is daardie lang, fladderende wimpers en die spierwit engelgesiggie. Sy raak


Gaan Na Inhoud

by hom ‘n obsessie. Hy kan nie meer slaap nie. Sy vul al sy gedagtes, sodat hy nie meer normaal kan funksioneer nie. Uiteindelik skraap Simson al sy moed bymekaar en gaan na sy ouers toe om die saak met hulle te bespreek. Hy vertel al stotterende vir hulle van hierdie wonderwerk van die Skepping.

“Maar Simson, sy is dan ‘n Filistyn! Jy weet mos voor jou heilige siel dat ‘n Jood nie met ‘n Filistynse vrou mag trou nie!” Manoag is bitter omgekrap - hy het gewonder wat met sy seun fout is.

“Ja,” voeg Ma by, “sy is ‘n heiden, en hulle dien ander gode. En wat van jou roeping? Het jy vergeet daarvan? Die Here het jou geroep om ons te verlos van die Filistyne, nie om met hulle te trou nie!”

Maar vir elke argument het Simson tien antwoorde. “Pa, asseblief Pa, gaan kry haar vir my! Ek hou verskriklik baie van haar - ek kan nie sonder haar lewe nie......”

Baie gou sien Manoag dat daar aan sy langhaar seun géén salf te smere is nie. Met ‘n swaar sug stem hy uiteindelik bitter onwillig in.

Dit is tragies as ek die dag alle perspektief op die lewe verloor, wanneer begeerte die oorhand neem. In Simson se geval was dit ‘n meisie - dit kan ook geld of mag of pornografie wees. Moenie toelaat dat so ‘n ding van jou besit neem nie, want dit kan jou lewe verwoes, soos ons later met Simson sal sien. ‘n Gesonde en lewendige verhouding met die Here kan keer dat dit nie met jou gebeur nie. Dit is wanneer jy jou oog van Jesus af wegneem, dat jy begin struikel. Hou die oë op Jesus!

**Gebed:**

**Here, hou asseblief my oog stewig gevestig op U, en hou my styf vas!**

# Die Leeu

## Rigters 14:3-7

Manoag het bitter teësinnig ingestem om vir Simson die meisie van sy drome te gaan haal.

Daardie nag lê Manoag en deurworstel op sy bed met die bittere vraag op sy lippe: “Waarom Here? Waarom gebeur hierdie ding met my? Kon ons seun nie maar op ‘n Israelitiese meise verlief geraak het nie? Waarom ‘n Filistyn? Here, hy gaan nou alles opmors - bring asseblief betyds rede in sy deurmekaar verstand - bring hom tot ander insigte!”

Wat Manoag en sy bekommerde vrou egter nie besef nie, is dat die Here juis hierdie situasie wil gebruik om ‘n geleentheid te skep om die Filistyne te straf vir die liederlike dinge wat hulle besig is om aan die volk van God te doen (Rigters 14:4)

En so stap die twee oumense met ‘n donker wolk oor hulle koppe na die dorpie Tima, en saam met hulle ‘n uitgelate Simson wat sy vreugde net nie kan beteuel nie. Dit is ‘n lang, ingewikkelde en uitgerekte onderhandelingsproses om hierdie beeldskone vrou vir Simson as vrou te bekom -

‘n proses wat nog moeiliker gemaak word deur die feit dat dit oor kultuurgrense heen plaasvind.

Terwyl Pa en Ma met die onderhandelinge besig is, is Simson verveeld - daar is niks vir hom te doene nie. “Ek gaan ‘n bietjie stap” kondig hy aan, en loop uit die vertrek uit. Doelloos loop hy deur die strate, maar die Filistyne verveel hom. Hy stap by die stadspoorte uit in die veld in. Hy dwaal deur ‘n verlate, oorgroeide wingerd. Hier is g’n mens in sig nie, en Simson raak totaal verlore in sy gedagtewêreld.

Gaandeweg raak Simson bewus daarvan dat hy dopgehou word. Hy kyk om, maar daar is niemand. Hy probeer die gedagte afskud, maar dit bly by hom - hier is beslis iemand wat hom dophou of bekruip. Hy is gespanne, soos ‘n boog tydens ‘n geveg. Dan tel sy fyn oor ‘n ritselgeluidjie skuins agter hom op. Hy vlieg om, maar steeds sien hy niks.

Dan verstar Simson as hy die sagte, diep, dreigende grom hoor - onmiskenbaar dié van ‘n leeu. Hy wil nog wonder wat ‘n leeu hier, so naby aan die dorp sou maak. Maar dan bars die oorgroeide ruigte skielik oop. Die geel dierasie

storm reg op Simson af - sy kake wyd oopgesper om die lang slagtande te ontbloot.

Daar is nie nog tyd om te dink en te beplan nie. In die breukdeel van ‘n sekonde besef Simson dat hierdie wáárlik ‘n leeu is, en dat daar géén kans is om te vlug nie en dat sy laaste dag aangebreek het. En nou is sy ouers puur verniet besig om te onderhandel vir die meisie - hy sal haar nooit kan hê nie!

Simson reageer blitsvinnig. Instinktief gryp sy hande na die gevaarlikste deel van die aanstormende monster - sy kake. En dan gebeur die wonderwerk wanneer Simson onmenslike krag kry van “iewers” af. Hy gryp die leeu in die bek en span al sy krag in om die dierasie se bek oop te rek totdat dit oopgeskeur is. Woedend vir hierdie ding wat hom so byna-byna van sy huwelik beroof het, hou Simson net aan en aan om die dier te verskeur, selfs nadat hy lankal dood is. Wanneer hy uitasem terug tree, lê die eens magtige koning van die diereryk pateties uitmekaar geskeur in ‘n hopie.

Verslae aanskou Simson sy vernietigende handewerk. Hy voel skaam oor wat hy gedoen



Gaan Na Inhoud

het - so ‘n mooi dier, so verskriklik vermink. “Ek dink ek sal liewer niks hiervan vir Pa en Ma sê nie!” besluit Simson. Die leeu is ‘n onrein dier, en dit beteken dat Simson nou ook onrein is omdat hy hierdie dier so intens hanteer het. Vir Simson is dit soveel erger, omdat hy ‘n Nasireër is, en dus te alle tye rein moet bly. Dus doen hy maar eerder die ander sonde, om vir sy ouers te lieg, en stil te bly van die voorval. Simson werk homself net al hoe dieper in die gemors in.

Wanneer ons al hierdie dinge lees, dan raak dit vir ons totaal onverstaanbaar. Daar is vrae waarop ons net eenvoudig nie antwoorde het nie. Josua verbied baie duidelik ondertrouery met heidene (Jos. 23:12-13). Tóg sien ons hier dat Simson hardkoppig agter ‘n heidense meisie aanloop, en dat hierdie hardkoppigheid van hom eintlik van God af kom (Rig. 14:4). En die leeu? Waarom? Waarom werk God op so ‘n manier?

Ons moet baie duidelik besef dat Hy ‘n onverstaanbare God is, en dat ons nie God se optrede binne ons denkraamwerk kan plaas nie. Ons kan nie God se optrede hier met Simson probeer verklaar nie, en ons kan dikwels ook nie God se optrede in ons daaglikse lewe verklaar


Gaan Na Inhoud

nie. Hy is misterieus en onverklaarbaar - dit is trouens waarom Hy God is - so ver verhewe bo ons verstand en denke.

Net so onverklaarbaar as hierdie handelinge van God, so onverklaarbaar is Sy liefde vir jou en my. Waarom sou Hy Hom wou bemoei met nietige mense wat Hom boonop vyandiggesind is? Waarom het Hy my, van alle mense, gered en die ewige lewe gegee? Onverklaarbaar! Voor so ‘n God kan ons maar net neerval in aanbidding!

**Gebed:**

**Here, ons Here, U is so onverklaarbaar, so almagtig en wys - ek wil U aanbid met alles in my.**

## Die Raaisel

## Rigters 14:10-15

Simson se nuuskierigheid prikkel hom wanneer hy by die dorp Timna verby stap: “Wat het van daardie leeu geword wat ek daar doodgemaak het? Ek wonder of sy geraamte nog daar lê?” Hy gaan soek tussen die oorgroeide wingerde, en dan kry hy die beendere net waar hy hulle gelos het. Maar daar is ‘n verrassing: ‘n swerm bye het nes gemaak in die gebeente, en daar hang ‘n heuningkoek wat drup van die soetigheid. Simson se mond water eintlik wanneer hy dit sien. Dat die heuningkoek in ‘n onrein dier se geraamte is, pla hom nie eintlik nie. Om die waarheid te sê, het hy afgestomp geraak, en die feit dat hy ‘n Nasireër is en aan niks onrein mag raak nie, pla hom nog minder.

Simson breek ‘n groot stuk heuningkoek af en hy smul daaraan. Daar is oorgenoeg sodat hy vir sy ouers ook hiervan kan gee. Natuurlik durf hy nie vir hulle sê dat hierdie heuning uit die karkas van ‘n leeu kom nie - hulle sal die stuipe kry! Ma het hoeka mos daardie ding van dat sy nooit haar mond aan drank sit of enigiets wat ‘n onrein

klankie het nie. Glo ‘n opdrag direk van God af! So hy sê liewer niks en hou hulle gelukkig - wat die oog nie sien nie, treur die hart mos nie oor nie......

Maar gelukkig is hulle beslis nie, want hierdie ding van sy huwelik met die heidense meisie, pla die twee oumense verskriklik. Maar Simson het sy gedagtes klaar opgemaak, en trou sal hy met haar trou, kom wat wil!

En so breek die groot dag aan so kort na die heuning insident. Dit is ‘n groot affêre, wat ‘n volle sewe dae lank aanhou. Daar word gedrink en gedans en musiek gemaak dat die byle huil. Dertig Filistynse vriende hou vir Simson besig. (Ek wonder darem - hoe kon Simson vriende wees met die Filistyne as hulle eintlik sy vyand is?)

Om darem vir sewe dae lank aanmekaar partytjie te hou, moet sekerlik naderhand begin vervelig raak. Daarom seker dat Simson ‘n baie slim raaisel uitdink om hierdie mooiweersvriende van hom te vermaak. Alles klink na vet pret, en Simson word uitgedaag deur die manne. Nou is dit nie sy fisiese krag teen hulle s’n nie, maar sy

intellektuele krag teen dié van die Filistyne. En net om dinge darem interessant te maak, plaas Simson sy weddenskap op die tafel: As hulle die raaisel kan ontrafel, dan sal hy vir hulle dertig stelle klere gee. Kry hulle dit egter nie reg nie, moet hulle vir hom dertig stelle klere gee. Die voorwaarde is dat hulle die raaisel moet oplos voordat die bruilof verby is. Hulle het dus sewe dae om ‘n antwoord uit te werk.

“Wat is jou raaisel?” wil die manne nuuskierig weet - ‘n stel klere elk is darem mos nie te versmaaie nie!

Simson broei al ‘n paar dae met hierdie raaisel. Toe hy die leeu karkas daar sien met die heuning in,  is sy raaisel as’t ware al klaar geformuleer.

“Uit ‘n eter kom daar iets te ete, uit ‘n sterke kom daar iets soets.” Simson glimlag tevrede - hierdie een sal hulle nooit as te nimmer ontrafel nie.

En Simson is in die kol - dit het die manne hééltemal uitgeboul. Vir drie dae lank loop hulle en worstel met die probleem, maar hoe harder hulle probeer, hoe meer raak hulle verstrengel in ‘n antwoord. Hulle is eindeloos gefrustreerd. Ten einde raad sluip hulle na Simson se nuwe bruid:


Gaan Na Inhoud

“Kry vir ons die antwoord, of ons maak jou en jou familie dood!” dreig hulle haar.

Simson se probleme het al groter begin raak. En hy was die argitek van sy eie probleme! Het dit dalk begin by ‘n bietjie geestelike hoogmoed? Dalk was hy te seker van homself, want God was mos aan sy kant - hy het mos hierdie groot opdrag van God. Wat kan dan nou verkeerd loop? Later laat hy toe dat sy begeertes hom oorheers - hy is mos nog in beheer, is hy nie? Die volgende stap is ‘n wit leuentjie of twee en dan ongehoorsaamheid aan sy ouers, en sodoende ook aan God.

In ons eie lewe moet ons waak teen die klein dingetjies wat kan sneeubal. Simson was in vir ‘n onaangename verrassing. Daardie klein jakkalsies in ons lewe kan ook uiteindelik lei tot wrede ontnugterings, wanneer ons geestelik hoogmoedig raak en dink dat alles baie wel is in ons lewe. Wie sal dan nou weet van daardie bietjie skelm pornografie of die “onskuldige” flirtasie met die sekretaresse?

Die probleem is dat ‘n sneeubal die gier het om groter en groter te word, totdat hy naderhand

totaal buite beheer is. En dan kan baie mense lelik seer kry.

Kom ons los hierdie klein sondetjies voordat dit te laat is. Laat jou lei deur die Heilige Gees om jou rug daarop te draai en terug te keer na God.

**Gebed:**

**Here, wys my asseblief waar die klein jakkalsies in my lewe is, en help my om van daardie sondes afstand te doen.**

# Simson Word Verraai

## Rigters 14:15-20

Moenie ‘n vrou nuuskierig maak nie - jy soek gróót moeilikheid! Hierdie waarheid het Simson op die harde manier geleer. Toe Simson sy raaisel vir die manne gee, is sy nuwe mooi bruid die ene ore. Sy het hom probeer uitpluis, maar sy sien sommer baie gou dat hierdie een hééltemal te diep is vir haar. Simson, liefie, sê my asseblief wat daardie raaisel beteken. Aag toe Simmie....” Maar Simson lag net die versoek weg - hy kan mos nie nou staan en die aap uit die mou laat nie? “Jammer Poppie, maar ek kan nie.”

Nou is die vet op die vuur. Dis nog gevaarliker om vir ‘n nuuskierige vrou te sê dat jy haar nie gaan vertel wat sy wil weet nie. Na ‘n dag of drie begin Simson dit berou dat hy ooit hierdie simpel raaisel uitgedink het, want sy ore tuit behóórlik soos die vroumens by hom neul en neul en neul.

As dit maar net by neul gebly het, dan kon dit seker nog gaan, maar toe sy sien dat dit nie werk nie, gaan haal sy die groot kanonne uit. Géén man kan ‘n vrou se trane weerstaan nie,


Gaan Na Inhoud

en hierdie is haar geheime wapen - sy huil. “Jy haat my!” snik sy terwyl die trane vryelik vloei, “Jy het my nie meer lief nie. Hoe kon jy my mense ‘n raaisel gevra het sonder om vir my, jou vrou, te sê wat dit beteken? Jy haat my!”

Simson probeer verduidelik dat hy nie eers vir sy ouers vertel het wat die betekenis is nie, maar sy wil g’n rede verstaan nie. Sy hou net aan met kerm en neul en huil. En Simson is moedeloos. Waarin het hy hom tog begewe?

Maar dan kom daar ‘n lelike wending in die verhaal. Wanneer die dertig Filistynse “vriende” van Simson besef dat hulle aan die kortste ent gaan trek, en dat hulle hierdie weddenskap loshande gaan verloor, dan gaan hulle stilletjies na Simson se bruid: “Kry vir ons die antwoord op die raaisel, of jy is in die moeilikheid!”

“Maar hy wil nie vir my sê nie,” probeer sy verduidelik, “ek het hom al gevra, maar hy weier om iets te laat glip!”

“Dis jou probleem,” dreig hulle, “as  jy nie vir ons die antwoord kry nie, vermoor ons jou en jou hele familie!”

Nou is sy éérs in die nood. Sy durf nie vir

Simson sê dat hulle haar gedreig het nie, want dan gaan sy dit ook ontgeld. Nou gebruik sy al die wapens tot haar beskikking om die antwoord uit Simson te kry.

En sy slaag!

Op die sewende dag van die bruilof, kom dertig selfvoldane manne na Simson. “Ons het die antwoord op jou raaisel.” lig hulle hom in. Simson lag hulle uit, want dit is absoluut onmoontlik dat hulle hierdie een kan uitwerk - hy is die enigste persoon wat daardie geheim ken.

“Wat is soeter as heuning? Wat is sterker as ‘n leeu?” sê hulle smalend, doodseker van hulle saak.

Simson se mond val oop van verbasing. Dan word hy spierwit van woede: “Die verraaier!” ruk dit in sy binneste - sy eie bruid het hom verraai, want sy is die enigste een wat hiervan geweet het. Briesend kwaad vlieg hy om en hardloop na die stad Askelon toe. In ‘n woedebui gryp hy die eerste man wat hy teëkom en slaan hom morsdood. Hy pluk die man se klere uit en laat hom net daar lê. ‘n Klompie manne staan hom verdwaas en aangaap. “Wat kyk julle?” sis hy, en

dan gryp hy nog ‘n man en slaan hom dood. Dertig onskuldige Filistynse manne sneuwel daardie dag voor Simson se woedende tierade. Dertig manne het bly lê sonder hulle klere. Simson is terug na sy bruilof, en daar smyt hy die bondel klere voor die manne neer. Daarop draai hy vererg om en stap weg na sy ouers se huis. Hy los sy bruid nét daar, sonder om eers met haar te praat.

Die storie het ‘n stertjie: Die vrou se pa het haar toe aan Simson se strooijonker gegee as vrou.

‘n Wrede en lelike verhaal van ‘n man wat te selfvoldaan begin word het. Hy het begin staatmaak op sy eie krag en intellek. Maar wanneer dinge verkeerd loop, dan verloor hy sy humeur, met tragiese gevolge. Is dit nie maar wat so dikwels gebeur met ons nie? Hoe anders kan ons padwoede beskryf? Ons daaglikse verkeersprobleme veroorsaak alreeds ‘n klomp spanning. Wanneer iemand dan nog ‘n simpel ding doen, dan haak jy totaal uit en verloor beheer. Ons hoor dikwels van tragiese insidente!

Ons kan verhoed dat dit met ons gebeur, deur selfs ‘n verkeersknoop te sien as iets wat God

toegelaat het met ‘n doel. Wanneer jy so daaroor dink, en dit kalm so aanvaar, dan gaan iemand wat ‘n simpel ding aanvang nie eers naastenby so ‘n invloed op jou hê nie. As jy dan boonop nog vriendelik teenoor hom reageer, dan ontlont jy nie net die plofbare situasie nie, maar jy straal Jesus se liefde uit. Is dit nie dalk wat die Here wil hê dat ek en jy moet doen nie?

**Gebed:**

**Here, maak asseblief my oë oop sodat ek U hand kan sien in alle situasies. Gee my asseblief die kalmte om selfs plofbare situasies met liefde te hanteer.**



Gaan Na Inhoud

# Jakkalse net Waar jy Kyk

## Rigters 15:1-5

Simson se woede hou nie vir ewig nie. Na die onsmaaklike insident by sy bruilofsfees, het Simson weer afgekoel. Wanneer Simson op sy bed lê, dan dink hy met gemengde gevoelens aan sy bruidjie daar in Timna. Hy voel nog half vies vir haar, maar daardie laggende gesiggie - daardie lang, pikswart wimpers kan hy net eenvoudig nie uit sy gedagtes kry nie. Hy móét haar net eenvoudig gaan sien!

Simson gaan net die volgende dag na sy krale toe en soek die mooiste, vetste bokkie uit om vir sy vrou te vat. Met ‘n lied in die hart stap Simson na die stad Timna. Hy skud sy kop oor die eienaardige gebruike van die Filistyne. Waarom kan sy vrou nie by hom kom bly in sy huis nie? Maar dit is hoe die Filistyne se koppe seker maar werk. Na die huwelik bly die vrou aan by haar familie. Sy word meesteres van haar eie huis, en haar man mag haar slegs kom besoek. En wanneer hy kom kuier, dan moet hy geskenke saambring. Dis nou waarvoor hy die bokkie gevat het - as ‘n geskenk vir sy bruid.

Wanneer Simson egter in Timna aankom, moet hy baie skokkende nuus hoor. Sy skoonpa weier dat hy sy vrou sien! “Nee Simson, sy is nie meer jou vrou nie - sy was nog nooit!”

Nou verstaan Simson gladnie. “Daardie laaste dag van die bruilof,” verduidelik skoonpa, “jy is so woedend hier weg, dat ek gedink het dat jy my dogter nou haat. Ek toe gee ek haar maar vir jou strooijonker as vrou.”

Simson is woedend: “Hoe kon jy? Ons was dan al wettig getroud? Jy mag mos nie sommer my vrou weggee nie?”

“Nee Simson,” verduidelik die man, “julle was nog gladnie wettig getroud nie. ‘n Huwelik word eers gefinaliseer wanneer die bruid en bruidegom die laaste nag saam slaap - dan is die huwelik finaal voltrek.” Simson se mond val oop van verslaenheid. “Sien, jy is so haastig weg daardie middag, dat jy nie saam met jou bruid geslaap het daardie aand nie. Maar ek het vir jou ‘n voorstel: haar jonger sussie is nog baie mooier as sy - waarom vat jy haar nie as jou bruid nie? Jy kan haar kry.....”

Simson bewe eintlik van woede - sowat het hy

nog nooit belewe nie. “Hierdie een keer het ek niks verkeerd gedoen aan die Filistyne nie, en dit is hoe ek behandel word! Ek belowe jou: julle gaan dit berou! Ek gaan ‘n ramp oor die Filistyne bring!”

En daarop draai hy woedend om en storm weg. Sy amper-skoonpa voel eintlik lam van skrik. “Simson, moenie iets onbesonne aanvang nie - my dogter......” maar Simson is lankal nie meer daar nie.

“Wraak!” bulder Simson waar hy doelloos die veld instrompel, “Wraak!” Hy gaan hierdie spul Filistyne ‘n les leer wat hulle nooit sal vergeet nie. Dan gewaar Simson ‘n beweging in die bossies. Hy wil eers skrik, maar met ‘n glimlag sien hy dat dit maar net ‘n jakkalsie is. En skielik kry hy ‘n wilde idee. “Nee...” maak hy die gedagte af, “dit sal nie werk nie.” Maar hoe meer hy daaraan dink, hoe aanlokliker klink die gedagte vir hom. “Dis mos so byna-byna oestyd,” gesels hy hardop met homself, “as ek ‘n spul jakkalse in die hande kan kry en hulle met fakkels aan hulle sterte die landerye injaag, dan kan hulle mos chaos veroorsaak!”

Suutjies bekruip Simson die jakkals. Wanneer hy dink dat hy naby genoeg is, spring hy op en hardloop die niksvermoedende dier in. Tot sy verbasing is daar twee jakkalse bymekaar. Voordat hulle nog kan tjank, gryp hy hulle aan die nekvelle en bind hulle vas sodat hulle nie kan ontsnap nie. Hy prakseer ‘n fakkel, en dan kry hy ‘n blink idee: as hy nou hierdie twee jakkalse se sterte aanmekaar bind met ‘n fakkel agter hulle, gaan hulle vir mekaar probeer weghardloop, en dan kan hulle groot amok maak!

En so stuur Simson sy eerste twee gesante met ‘n brandende fakkel die koringland in. Hy kraai soos hy lag, want die diere hardloop kruis en dwars en binne ‘n kort tydjie staan die hele land in ligte laaie.

Oor die volgende paar weke vang Simson nog 150 pare jakkalse regdeur die land en stuur hulle op hulle verwoestende missies. Alles loop deur - olyfboorde, wingerde, landerye. Die Filistyne se totale kosvoorraad lê in puin. Hulle is verslae.

Ons staan verslae wanneer ons hierdie verhaal lees. Waarom help die Here vir Simson deur Sy Gees, en dit terwyl Simson alle reëls oortree? Sy

Nasireërgelofte, om rein te bly, het hy keer op keer verbreek - nogtans gebruik die Here hom om die Filistyne te dwing om hulle oorheersing van Israel te staak. En hierdie is nog maar net die begin van die smarte!

Moontlik kan ons hieruit leer dat die Here selfs met so ‘n krom stok soos Simson steeds ‘n reguit hou kan slaan. Al hierdie dinge lei uiteindelik daartoe dat Simson in Gasa beland waar sy taak voltooi word.

Ja, en die Here kan beslis ook vir jou en my gebruik met al ons swakhede!

**Gebed:**

**Here, ek is tot U beskikking - gebruik my net soos U wil.**

# Die Dodelike Eselskakebeen

## Rigters 15:6-18

Simson het met ‘n slim streek verwoesting gesaai onder die Filistyne toe hy die jakkalse met fakkels deur hulle landerye gejaag het. Maar Simson het nooit gedroom watter reperkussies hierdie daad van hom sou hê nie. Natúúrlik was die Filistyne woedend - wie sou dan nie wees nie? Hulle totale kosvoorraad vir die volgende jaar is verwoes. Hulle wou weet wie hierdie verskriklike ding aangevang het? En dan kom die antwoord op die druiwerankie langs: “Simson”, fluister die mense, “Dis hy! Dis uit weerwraak.”

En dan kom die verhaal op die lappe, van Simson se vrou wat hom verraai het - sy geheim van die raaisel uitgelap het. En natuurlik van sy skoonpa wat die wrede ding gedoen het om Simson se vrou vir sy strooijonker te gee as vrou. “Hoe kan ‘n man dan so ‘n dom ding doen?” vra die manne vir mekaar, “en dit nogal met daardie sterk man Simson? Sy skoonpa moes mos geweet het hy soek vir moeilikheid!”

“Ja,” stem almal saam, “dis sy skuld! Hy is die

oorsaak van ons verlies!”

“Hulle sal betaal! Daardie man en sy dogter - hulle sal betaal omdat ons nie kos het nie!”

‘n Woedende skare Filistyne storm op die stad Timna af: “Waar is hulle? Waar is Simson se skoonpa en sy dogter?” Angsbevange probeer die twee nog wegkruip in hulle huis, maar dan word brandende fakkels deur die dak gegooi. ‘n Jillende skare mense drom om die huis saam terwyl dit in ligte laaie staan. Vir die twee is daar géén wegkomkans nie, en hulle verkool wreed in die huis.

Die nuus bereik Simson baie gou. Hy is wit van woede: “As dit is hoe julle te werk gaan, dan sal ek nie ophou voordat ek my gewreek het op julle nie!” Verwoed begin Simson links en regs onder die verskrikte Filistyne inspring. Hy slaan dood net wat voorkom. Daardie dag was daar ‘n groot slagting onder die Filistyne. Dit was vir hulle ‘n gevoelige slag, en dit het Simson vyand nommer een onder hulle gemaak. Simson moes vlug voordat hulle hom onverhoeds betrap, en hy gaan vestig hom in ‘n rotskloof by Etam, waar hy veilig sal wees.



Gaan Na Inhoud

Weerwraak op weerwraak! Dit is die resep van Simson se lewe. Wraak het nog nooit probleme opgelos nie - dit vererger net die probleme, want wraak word net eenvoudig opgevolg met weerwraak. Dit is die verhaal van baie volke, soos byvoorbeeld Ierland, waar die verskillende faksies al vir honderde jare mekaar doodmaak en terroriseer. Dit is ook die verhaal wat daagliks in ons eie land afspeel.

En dit is presies net wat verder met Simson gebeur. Wanneer die Filistyne hom nie in die hande kan kry nie, voer hulle ‘n strooptog uit teen Juda. “Ons doen dit aan julle, want ons soek eintlik vir Simson. Hy het ons seer gemaak, en nou is dit terugbetaaltyd!”

Nou is die manne van Juda boos vir Simson, want sy streke maak húlle nou seer. “Wat gaan ons maak?” vra hulle vir mekaar. Die enigste antwoord waarby hulle kan uitkom, is dat hulle vir Simson aan die Filistyne gaan uitlewer. Maar vir Simson pak jy nie sonder handskoene aan nie, dus maak hulle dóódseker dat hulle hom kan vang - hulle stuur ‘n afdeling van nie minder nie as drieduisend soldate om hom te gaan uithaal waar hy wegkruip.


Gaan Na Inhoud

“Kyk net wat jy gedoen het!” blameer hulle vir Simson wanneer hulle hom opspoor, “Nou sit óns met die gebakte pere!”

“Maar ek het dit maar net gedoen om die Filistyne terug te betaal vir die verskriklike ding wat hulle my aangedoen het!” protesteer Simson. Maar dan willig hy in dat hulle hom aan die Filistyne kan uitlewer. Hy maak hulle belowe dat hulle hom nie sal doodmaak nie. En so word Simson met toue vasgebind en na Legi geneem, waar hulle hom aan die dankbare Filistyne uitlewer.

Het ek gesê dankbaar? Eintlik het ek bedoel woedend, want al skreeuende storm die spul op Simson af. Die Gees van God kom oor hom, en gee hom ongekende krag. Soos ‘n garingdraadjie breek hy die toue terwyl die woedende skare op hom afstorm. “Toevallig” lê daar ‘n geraamte van ‘n donkie. Simson moet baie gou dink - hy gryp na die naaste slaanding, en kry die donkie se kakebeen beet. Verwoed begin hy in alle rigtings slaan. Die een na die ander val die manne onder die brute krag, totdat die Filistyne desperaat op die vlug slaan. Daar lê ‘n duisend man dood....... Simson hyg na sy

asem - hy het bitter dors......

Weereens moet ons na hierdie verhaal kyk, en probeer verstaan dat God vir Simson gebruik het om Sy volk te verlos uit die oorheersing van die Filistyne. Hy het toegelaat dat sekere insidente gebeur om die geleentheid te skep vir Simson om te begin met die verlossingswerk. Dit was egter net die begin, en die Filistyne was nie bereid om nou al op te gee nie. Daar sou nog baie groter dinge moes gebeur.

God se aksie is nie een van bloedvergieting nie, maar liefde en genade vir Sy volk. Ja, ons verstaan nie altyd nie, maar kom ons aanvaar in geloof - ook wanneer ons vandag die onverstaanbare sien gebeur.....

**Gebed:**

**Here, maak asseblief my oë oop sodat ek U genade en liefde vir U kinders kan raaksien in hierdie verskriklike verhaal.**



Gaan Na Inhoud

# Moeilikheid by die Prostituut

## Rigters 16:1-3

Simson kyk verdwaas om hom - hoe is dit moontlik dat een man soveel mense kan doodmaak, en dit boonop sonder enige noemenswaardige wapens? Wat is ‘n eselskakebeen? En die wonder boonop dat die kakebeen nooit in stukkies gespat het nie? ‘n Duisend dooie Filistyne lê rondom Simson gestrooi, vermink deur die brute krag waarmee hy hulle doodgeslaan het.

Vir die eerste keer besef Simson nou dat dit onmoontlik nie sy eie krag en vernuftigheid was nie. “Here,” stotter die gebed oor sy lippe, “Here, U het hierdie groot oorwinning deur my moontlik gemaak.”

Simson sak op sy knieë neer. Nou dring die besef ook tot hom deur dat hy bitterlik dors het. Die groot geveg wat hy op sy eie aangepak het, het elke greintjie energie asook elke druppeltjie vog uit sy liggaam gedreineer. Hy het nie die krag om aan te gaan nie, en hy voel asof hy gaan sterf van die dors. “Here,” bid hy weer, “moet ek nou van dors sterf? Moet ek nou in die



Gaan Na Inhoud

hand van die Filistyne val, na alles wat ek so pas deurgemaak het?” Simson besef maar al te goed dat hy hier in die middel van die woestyn is, en dat daar vir baie kilometers nêrens enige water is nie. Sy laaste uur het aangebreek.

Maar weereens gebeur die wonderwerk: Die Here is Simson genadig, en Hy breek die holte by Legi oop, sodat daar uit die dorre aarde water uitborrel. Simson het op sy maag gaan lê en gedrink en gedrink totdat hy nie meer ‘n druppel oor sy dankbare lippe kon kry nie.

Het Simson nou uiteindelik tot die besef gekom waar hy sy krag vandaan kry? Het hy tóg na al die jare van ‘n roekelose lewe, waar God weinig plek gehad het, besluit om die lewe te lei wat God vir hom bedoel het - waartoe hy geroep is?

Ongelukkig moet ons “nee” sê op hierdie vraag, want net in die volgende hoofstuk ontmoet ons weer vir Simson waar hy in die stad Gasa is. Hierdie was die mees suidelike van die vyf groot Filistynse stede. Wanneer Simson deur die stad dwaal, gee sy hart skielik ‘n dubbele klop. Hy sien ‘n vrou raak, en skielik raak sy hormone totaal deurmekaar. Van haar kleredrag kan hy

sommer dadelik aflei dat hierdie vrou nie juis ‘n edele karakter kan hê nie. En dan gee sy hom boonop dáárdie kyke wat hom uitlok om haar te volg. Simson se asem jaag - sy hart klop in sy keel. Sy begeertes oorweldig hom, en hy loop agter haar aan tot by haar huis. “Wat máák jy, Simson!” wil sy gewete vir hom skree, maar Simson is doof vir daardie stemmetjie. Met bewende hande maak hy die deur oop en gaan in om sy begeertes te bevredig.

Miskien het Simson gedink dat niemand hom herken het nie. Moontlik het hy gedink dat niemand gesien het toe hy die prostituut se huis binnesluip nie. Maar nuuskierige oë het hom herken. Dalk was dit ‘n slinkse lokval, want almal het geweet van Simson se swak plek vir mooi vroue.

Algaande raak Simson bewus van ‘n geskuifel buite die huis. Hy loer deur ‘n gleufie, en dan, tot sy ontnugtering sien hy in die flou skynsel van die maanlig ‘n horde soldate rondom die huis. Hy wil net uitspring en begin slaan onder die manne, maar dan besef hy dat dit ‘n totale oormag is - hy het géén kans teen hierdie hordes nie. Dan gaan lê hy maar weer en begin wonder


Gaan Na Inhoud

wat om te doen. “Hier sal die Here my nie help nie - wat het ek tog gedoen?” kerm hy in sy nood, “hier gaan ek vannag nog sterf!”

Teen middernag kan Simson die spanning nie meer verdra nie. Buite het dit rustig geraak, en meeste van die manne lê en slaap om die huis. Simson spring op: “Ek het ‘n taak! God het my ‘n taak gegee!” besluit hy. Hy storm na die deur toe, en loop dit skoon uit die raam uit. Buite word die manne totaal onkant betrap. Soos ‘n besetene bars Simson dwarsdeur almal sonder dat iemand ‘n vinger op hom kan lê. Hy laat ‘n spoor van chaos agter as hy soos ‘n stoomroller voortbeur na die stadspoort toe. Die swaar ysterbeslaande houtdeure is gegrendel. Maar dit sit Simson nie af nie - dit maak hom nog net meer kwaad. Bulderend loop hy die tamaaie deure storm. Die geweld van sy aanslag ruk die swaar poorte skoon uit die muur uit, raam en al. Nou het Simson bloed geruik - hy tel die enorme konstruksie op sy skouer en storm daarmee die nag in. Bulderend dra hy dit tot bo-op die berg waar hy dit verwoed neersmyt. Niemand probeer hom eers keer nie - al die brawe soldate bibber van vrees - die slagting van die eselskakebeen is


Gaan Na Inhoud

nog vars in hulle geheue.

Ten spyte van sy kwynende geestelike lewe, rus die seën van die Here steeds op Simson.

Ek moet dikwels ook in skaamte herken dat my geestelike lewe nie is wat dit moet wees nie. Nogtans beleef ek ten spyte daarvan steeds die Here se genade en ondeurgrondelike liefde. God se liefde het niks te doen met hoe goed ek lewe nie. Maar dit maak Hom bitter seer wanneer ek afdwaal. Dit is om daardie rede wat ek en jy as gelowiges net ons allerbeste vir God moet gee - nie om geseën te word nie, maar omdat Hy ons alreeds met soveel seëninge oorlaai het.

**Gebed:**

**Here, U het soveel vir my gedoen - soveel vir my opgeoffer. Daarom wil ek met my hele lewe vir U dankie sê.**



Gaan Na Inhoud

# ‘n Man-ding

## Rigters 16:4

Die grootste swakheid in Simson se lewe - so het ons al agtergekom - is ‘n mooi vrou. As hy een sien, maak dit dinge in hom wakker wat hy net eenvoudig nie kan beteuel nie. Sy drange laat hom totaal beheer verloor, en hy kan dinge net eenvoudig nie in perspektief sien nie. Maar snaaks genoeg, is dit nie die mooi meisies van Israel wat hom so op loop jaag nie, dit is die heidense Filistynse meisies wat keer op keer vir Simson tot ‘n val bring.

Ek dink die Simson-sindroom is vandag nog nét so ‘n groot siekte onder baie manne. Ek ken menige man wat al tot ‘n val gekom het as gevolg van ‘n mooi meisie, en gewoonlik is dit ook dan die verkeerde tipe meisie wat sy val veroorsaak.

Maar eintlik is vroumense nie die éintlike rede vir die manne se val nie - dit is slegs ‘n simptoom van ’n baie groter onderliggende probleem wat die manne nie graag wil erken nie. Kom ons noem dit maar die “man-ding”.

Die volgende gesprek is ‘n baie algemene een -


Gaan Na Inhoud

ek was dikwels al sélf die onderwerp hiervan:

“Liefie, is jy séker ons is op die regte pad?”

“Ja Skat, ek weet presies waar ek is!”

“Liefie, dit voel so al of ons verdwaal het.....”

“Toemaar, ons is nou-nou weer reg.”

“Hier is ‘n motorhawe Liefie, stop en vra rigting asseblief!”

“Nee, ek het g’n hulp nodig nie - ek sal sélf regkom!”

Herken jy dit? ‘n Man is te trots om te erken dat hy op die verkeerde pad is. En wanneer hy besef hy is verlore, dan wil hy dit regkry in sy eie krag. Dikwels is dit net groot genade en natuurlik Vroulief se deursettingsvermoë, gesanik , en as niks anders werk nie, haar trane wat hom onwillig hulp laat aanvaar.

Vat nou maar vir Simson: hy is ‘n tipiese man. Hy het ‘n reuse probleem, maar hy wil nie erken dat hy een het nie. Die blote feit dat hy fisies so ‘n verskriklike sterk man is, maak sy probleem geensins makliker nie - dit veroorsaak eerder dat hy dink dat hy enigiets met brute krag kan regkry. Die groot probleem is dat Simson al baie

lankal vergeet het waar hy sy krag vandaan kry, en met watter doel die Here hom daardie krag gegee het. Soos ons reg aan die begin van die verhaal gesien het, is Simson in die wieg gelê om die Volk van God van die Filistynse oorheersing te red. Tot dusver het hy bitter min gedoen om sy doel te verwesenlik. Eerder as om die Filistyne te beveg, gaan vry hy na hulle vrouens!

Ja, hy het by ‘n paar geleenthede verwoesting onder die Filistyne gesaai, maar dit was slegs omdat hy wou wraak neem omdat hulle hom persoonlik te ná gekom het. Van God se oorspronklike opdrag het daar tot dusver net mooi dadels gekom!

En dan is daar boonop daardie tipiese man-ding: Simson vra nie vir hulp nie - van niémand nie! Elke keer as hy in ‘n geveg betrokke raak, dan veg hy man-alleen teen die oormag sonder die hulp van enigiemand. Om die waarheid te sê, vra hy nie eers die hulp van die Here nie. Waarom moet hy? Hy is mos sterk genoeg om ‘n duisend Filistyne met ‘n eselskakebeen dood te slaan - waarom sou hy dan die hulp van die Here nodig hê? O ja, ons lees darem van een enkele keer

toe hy om hulp geroep het, toe hy besig was om dood te gaan van die dors.

En vrouens? Hy is mos meer as opgewasse teen hierdie swak ou goedjies. Hulle is vir hom géén bedreiging nie. Hy sal sélf regkom, sonder enigeen se hulp, en sonder die Here se hulp........

Maar dan vang Delila sy oog. En Simson is vrek-verlief. Hierdie slinkse katjie is die een wat Simson op sy knieë dwing.

Die probleem is, dat ons as gelowiges so dikwels ook op ons eie krag probeer staatmaak. ‘n Vrou sal dalk nog erken dat sy swak is, maar ons manne doen dit net eenvoudig nie. Ons los sélf ons probleme op sonder enige hulp, en eers as dit so byna te laat is, sal ons half teësinnig vra. Met die mond bely ons Psalm 121: “Ek slaan my oë op na die berge - waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die Here.....” Maar diep in ons hart kan ons dit nie werklik glo nie - wil ons dit nie erken nie.

Vir Simson beteken hierdie laaste smeulende romanse met Delila sy ondergang. Al die baie pogings van die Here om met Simson te probeer

praat - om hom tot ander insigte te probeer lei, het op dowe ore geval. Nou sal die Here drastiese maatreëls moet gebruik om Simson op sy knieë te dwing.

Moenie dat dit met jou gebeur, dat die Here eers hard moet praat voordat jy Hom erken nie!

**Gebed:**

**Here, ek is so dikwels nog hardkoppig, en dan wil ek my eie kop volg. Lei my asseblief om altyd heel eerste my hulp by U te soek.**



Gaan Na Inhoud

# In die Mag van die Filistyne

## Rigters 16:4-21

Toe Simson haar sien, word sy knieë lam - Delila. Dit was in die Sorekvallei waar hy haar vir die eerste keer raakgesien het. En natuurlik was sy ‘n Filistynse skoonheid, soos al die ander - totaal onweerstaanbaar vir die sterk man. Tot oor sy ore toe, was hy verlief.

Vir twintig jaar nou al, is Simson ‘n leier vir Israel. Van ware leierskap lees ons bitter min in Simson se lewe. Elke ding wat hy tot dusver aanpak, doen hy op sy eie - nêrens hoor ons dat hy ooit in hierdie twintig jaar iemand anders betrek nie. ‘n Mens kan tereg vra: watter soort van leier is dit dan? Alles het net rondom homself gewentel - sy eie drange en begeertes; sy eie weerwraak; sy eie geluk; sy eie welstand. Nêrens hoor ons dat hy ooit in belang van die volk of ander mense opgetree het nie.

As ek rondom my kyk na die leiers in ons land, dan sien ek presies dieselfde ding. Op die politieke terrein kyk feitlik al die groot leiers héél eerste na hulle eie belange. Reuse salarisse, huise van honderde miljoene Rand, peperduur

motors, vliegtuie wat jou na jou asem laat snak - hierdie dinge is aan die orde van die dag, terwyl miljoene besig is om te krepeer van die ellende. Die mynstakings wat ons lamgelê het, is waarskynlik polities gemotiveer, maar het hulle nie dalk rede om woedend te raak nie? Terwyl hulle ‘n minimum salaris verdien, rol die mense in die top bestuur in die geld, met reuse salarisse. Hulle dink net aan hulle eie sakke!

Die belangrikste vraag is egter: watter soort leier is ek? Waaroor gaan my leierskap vir my? Is daar iets in van eie belang - dalk status of iets wat ek daaruit gaan kry, of gaan dit uit en uit oor die saak wat ek dien? Jesus het ons met Sy lewe gewys wat ware leierskap beteken, en hoe dit moet lyk. Baie van die ou kerkleiers het in Sy voetspore gevolg. Neem byvoorbeeld vir Paulus, wat onbaatsugtig sy briljante vermoëns gebruik het om die Evangelie te verkondig. So maklik kon hy in een van die ryk gemeentes agtergebly het, en homself gevestig het as ‘n suksesvolle leraar. Maar hy het verkies om slegs die gemeente op te lei, en dan aan te skuif na ‘n volgende rou braakland. Hy het selfs geweier om vergoeding vir sy werk te ontvang - homself



Gaan Na Inhoud

onderhou deur tente te maak!

Maar Simson? Wel, met Delila het hy dit een treetjie te ver gewaag. Hierdie slinkse verleidster was vir hom een te veel. Sy word ‘n enorme bedrag - dertien kilogram silwer - aangebied om uit te vind waar Simson se krag lê. Teen vandag se silwerprys, is dit meer as R150’000 - genoeg om enige Filistynse meisie se oë te laat skitter. En sy gebruik elke truuk in die boek om uit te vind waar Simson se geheim lê.

Drie keer lieg Simson vir haar. Eers wil hy haar wysmaak dat sewe klam boogsnare hom so sal vasbind dat hy hulpeloos is. Dan weer is dit nuwe ongebruikte toue. Die derde keer kom dit nader aan die waarheid, wanneer hy beweer dat as sy hare in ‘n weefstoel ingeweef is, hy nie sal loskom nie.

Het Simson werklik gedink dat hierdie ‘n speletjie van haar is? Toe sy so aanhou neul - kon hy dan nie snuf in die neus kry nie? En dan deel hy sy hartsgeheim met haar - sy haarlokke: dit is waar sy krag lê. Hierdie lang hare van hom is die teken van sy Nasireërskap. Nee, dit was nie vir hom maklik om die geheim met haar te deel nie,


Gaan Na Inhoud

maar sy het aanhou neul en neul. Ons lees in Rigters 16:16 dat hy naderhand so ongeduldig geraak het met haar gesanik, dat hy kon sterf. En toe vertel hy haar.

Delila het onmiddellik geweet dat Simson hierdie slag die waarheid praat. Sy het Simson op haar skoot aan die slaap gemaak. En daar in die arms van Delila het 'n man sy haarlokke saggies afgesny. Buite het die Filistynse soldate gewag op haar teken.

Wanneer Simson wakker skrik, is die vyand op hom. Hy spring op, gereed om hulle soos elke vorige keer te vermorsel - min wetende dat die Here hom verlaat het. Hierdie slag het hy te ver gegaan. Hoe tragies, dat die Heilige Gees wat Simson deur die afgelope twintig jaar sy bomenslike krag gegee het, nie meer daar was nie. Hy word oorrompel, en sy oë word wreed uitgesteek.

Simson was so selfvoldaan oor sy krag, dat hy nooit die Here hierin erken het nie. Ons moet versigtig wees dat ons nie so selfvoldaan raak in ons eie vaardighede, dat ons hulle nie meer sien as talente wat God ons gegee het nie. Is jy dalk

‘n knap sakepersoon, ‘n rekenaardeskundige, ‘n top sportman, vaardige ambagsman of suksesvolle musikant? Elke talent is Godgegewe - dit moet ons te alle tye onthou, en Hy het ons die talente gegee met ‘n doel. Kom ons vind uit wat die doel is agter ons gawes, en gee God die eer daarvoor. En gebruik dit tot Sy eer, soos wat Hy dit van ons vra!

Is dit die einde van Simson? Ten spyte van Simson se blatante miskenning van God, is die Here steeds genadig. Hy het steeds ‘n doel vir Simson se lewe, hoe totaal verlore dit ookal lyk.

**Gebed:**

**Here, dankie vir al die gawes en talente wat U vir my gegee het. Herinner my asseblief elke dag waar dit vandaan kom, dat ek nooit selfvoldaan sal raak nie.**

# Die Meule Maal
## Rigters 16:23-28

Om en om en om loop Simson - seker al die duisendste keer dat hy vandag met hierdie ellendige meulsteen in die rondte loop. As hy net vir ‘n oomblik asem skep, brand die sweep tussen sy blaaie genadeloos. Dis pikdonker - as hy tog maar net sy oë gehad het...... Nou is daar net die rou hol gate in die oogkaste. Om so ‘n sterk, onoorwinlike man so pateties te sien - hoe afgryslik!

In sy geestesoog sien hy weer die fraai, laggende gesiggie - Delila. Dan verstar sy glimlag as hy onthou hoe gruwelik sy hom verraai het, so uitgebuit het. Hy beur harder aan die swaar houtbalk, en die meul knars oor die graankorrels. Die ruwe bronskettings sny deur sy vel en skaaf hom stukkend. Maar Simson voel dit skaars. Die harde, vervelige werk as meuldonkie trek darem sy gedagtes van sy droefheid af. O, om net weer vir ‘n dag vry te kan wees, om die skoon lug buite die tronk te kan inasem - sy longe te kan vul daarmee.....

Simson het een troos: dag-vir-dag kan hy voel


Gaan Na Inhoud

hoe sy hare - sy trots, weer begin groei. “God is my genadig - Hy gee my weer my verlore Nasireërskap terug.” Simson glimlag as hy daaraan dink - wie weet, dalk gaan hy weer eendag die geleentheid kry om iets aan die haatlike Filistyne te doen. Hy voel hoedat die krag in sy liggaam terug vloei, maar hy laat niks blyk aan die Filistyne nie.

In Gasa staan die tempel van Dagon. Daar word groot fees gevier, want dit is oestyd, en Dagon het weer vir hulle ‘n groot oes gegee. Dit is ‘n manjifieke gebou wat opgerig is ter ere van hierdie vrygewige god van hulle. Dagon was nie altyd hulle god nie - daar waar hulle vandaan kom, ver oor die see, het hulle ander gode aanbid. Maar ‘n mens kan mos nie jou god saam met jou vat nie, en toe kom kry hulle hierdie Semitiese god, en hy werk goed vir hulle.

Maar vandag vier hulle baie meer as net die oes - daarom die vrolike musiek en gesingery en gedansery. Hulle grootste vyand óóit, Simson is uiteindelik oorwin. En dit móét gevier word. “Bring Simson vir ons, dat hy ons ‘n bietjie kan vermaak!” skree ‘n man, wat baie duidelik nie meer so vas op sy voete is nie. “Ja,” beaam ‘n

koor van stemme, “Bring vir Simson!” Die tempel is tot oorlopens toe vol - duisende Dagon-aanbidders pak die tempelruimte vol sodat daar nie plek is vir ’n muis nie. Nou word ook die ruim balkon op die dak volgepak, totdat daar nie minder nie as drieduisend mense die dak laat kreun. Van daar het ‘n mens ‘n pragtige uitsig oor die reuse beeld van die god Dagon. Skamel geklede danseressies wikkel hulle middeltjies ywerig voor die afgodsbeeld. Vanaand gaan hier groot makiti wees!

Simson is verras as hy skielik onverhoeds beveel word om op te hou maal. “Jy gaan tempel toe,” lag die wag, “Jy moet die mense gaan vermaak.” Die wag ruk hom wreed aan sy kettings, en so byna maak Simson hard kennis met die grond. Die wag lag vulgêr, diep uit sy maag uit.

Simson voel die woede in hom opwel - moet hulle dan nou nog sout in sy wonde vryf - ‘n bespotting van hom maak? Hy probeer dink hoe die tempel binne lyk - ja, hy was eenmaal binne gewees. Hy was nuuskierig om te sien waaroor al die bohaai gaan. En hy onthou dat iemand hom in die oor gefluister het dat die ganse

tempel deur slegs twee reuse pilare gesteun word. “As hulle val, is dit chaos!” het die man vir hom gesê, “dan is die hele tempel daarmee heen.”

“Maar is dit nie gevaarlik nie?” wou Simson nog weet, maar die man het sy simpel vraag weggelag, want niks en niemand het die krag om daardie twee reuse pilare te laat kantel nie.

Stadig begin ‘n wilde gedagte in Simson se gemoed posvat: “Sê nou maar net ek kan daardie pilare omstoot....” Maar dan skuif hy die gedagte uit sy kop. Dis totaal onmoontlik.

“Kom! Opskud, die mense wag!” por die soldaat hom aan.

“Here,” bid Simson, “Hierdie Filistyne het my oë uitgesteek. Hulle het my lewenslig gesteel. Here, ek vra vandag asseblief dat ek my op hulle kan wreek oor my oë.” En dan wéét Simson: die Here het sy gebed verhoor.

Is dit nie tragies nie! Mens sou dink dat die tronk en swaarkry Simson tot ander insigte sou dwing, dat hy vir ‘n slag aan iemand anders as net homself dink. Maar selfs hierdie laaste gebed van hom is egosentries - gaan slegs daaroor dat

hy hom wil wreek oor sy oë. Maar selfs hier is die Here steeds genadig.

Moenie vir Simson veroordeel nie, want ek dink dit gaan dikwels nét so in ons eie lewe - dat ons versugtinge so om onsself wentel, dat ons blind raak vir ander se behoeftes. Ons sien dikwels net ons eie probleme raak, sonder om God se raadsplan in ag te neem of daaroor te dink.

**Gebed:**

**Here, haal asseblief die skille van my oë af sodat ek nie myself nie, maar U kan sien.**

## Die Groot Val

## Rigters 16:28-31

Onder luide gejil en uitgejouery word Simson die tempel binnegelei. “Doen vir ons ‘n kragtoertjie!” spot hulle. Maar in Simson se kop het hy alreeds die plan geformuleer om die grootste kragtoertjie van alle tye uit te voer. “Vandag maak ek julle spul seer!” sis hy deur sy baard.

“Laat my asseblief tussen die pilare staan, sodat ek iets het om aan vas te hou.” soebat hy sy helper.

Alle oë is nou gevestig op Simson, waar sy helper hom aan die arm lei na die twee reuse pilare in die middel van die tempel. “Ek wonder wat hy vandag gaan doen?” wonder iemand hardop - hulle verwag iets baie groot, want Simson se naam het hom baie ver vooruit geloop. Sy naam is op elke jong meisie se lippe, en menige Filistynse skoonheid was al beenaf oor hom. Voor hy ingebring is, het hulle sy bokleed uitgetrek en sy bolyf met olie gesmeer sodat sy kragtige spiere skitter wanneer hy beweeg.

“Here My God, maak my asseblief hierdie een



Gaan Na Inhoud

keer nog sterk sodat ek my kan wreek oor my twee oë." bid Simson. Hy voel-voel waar die pilare staan.

"Foeitog, kyk die sterk man sukkel om regop te bly!" spot iemand, "kyk, hy soek vashouplek...." Sy vriende bulder dit uit van die lag. Dit is 'n vrolike dag, want uiteindelik is die man wat hulle so baie hoofpyne besorg het, nou hier in hulle mag - hulle kan maak met hom nét wat hulle wil.

"Ja, spot maar!" kners Simson op sy tande, terwyl hy sy twee kragtige arms om die reuse pilare vou.

"Wil hy nou sowaar teen die pilare uitklim?" spot 'n Filistyn, "dalk dink hy dat hy by die hemel sal uitkom!" En weereens dreun dit soos die spul lag.

Simson span elke greintjie krag in. Dan voel hy die krag van die Heilige Gees wat sy liggaam vul. En Simson wéét: nou is absoluut niks onmoontlik nie. Ja, hy het moontlik nou nie juis sy kant gebring nie - hy het maar 'n baie wankelrige lewe gelei. Maar God, die God van Israel is steeds getrou. Simson raak rooi in die gesig van inspanning, en dan voel hy asof die



Gaan Na Inhoud

pilaar so ‘n effentjies meegee. Nou raak hy éérs vasberade, en elke laaste druppeltjie krag word ingepomp in sy poging.

Skielik raak dit stil in die tempel - ‘n geskokte stilte: “Wat is die man besig om te doen?” Fyn krakies begin vorm in die pilare. ‘n Vrou gil as ‘n splinter afskiet en haar teen die kop tref. En dan is daar chaos, want skielik besef die Filistyne wat Simson besig is om te doen. Almal storm gelyk vir die uitgang, en in die warboel trap mense op mekaar. Duisende feesgangers probeer gelyk by een enkele opening uitkom. Drieduisend mense op die tempel se dak probeer vergeefs na veiligheid skarrel.

“Laat my sterf saam met die Filistyne!” bulder Simson, en dan trek hy die pilare om. Stadig tuimel die ganse, magtige tempel in ‘n donderende stofwolk inmekaar en begrawe derduisende Filistyne onder die reuse hoop rommel. Simson is in die middel van al hierdie dinge. Hy wend nie eers ‘n poging aan om uit te kom nie, want hy weet dat hy die doel in sy lewe bereik het. Hy sterf met ‘n salige glimlag op sy gesig, en ‘n gebed van dankbaarheid op sy lippe.


Gaan Na Inhoud

Daardie dag het Simson meer Filistyne uitgeroei as in die volle twintig jaar wat hy 'n leier in Israel was.

Simson se familie het gehoor wat gebeur het. Dit was 'n patetiese groepie mense wat daardie dag by die verwronge puinhoop van die tempel aankom. Oral was daar mense wat kermend deur die puin gesoek het vir hulle vriende of familie. Hulle het Simson se lyk gekry en al treurend met hom geloop tot by Sora, waar hulle hom in sy pa, Manoag se graf begrawe het.

En so kom die tragiese lewe van Simson tot 'n einde. Sy lewe was gekenmerk deur begeertes, wraak, haat en geweld. Ja, hy was oortuig dat hy besig was met die werk van die Here. En inderdaad het God hom gebruik. Maar tragies, was daar géén verhouding met God nie, al was hy in diens van God.

Ons kan so baie leer uit Simson se lewe. Dalk is die belangrikste, hoe noodsaaklik dit is om in 'n verhouding met die Here te lewe. Baie gelowiges leef onder die misverstand, dat as hulle maar net vir die Here werk, dan is alles reg. Ja, daar is selfs leraars, wat elke Sondag die Woord



Gaan Na Inhoud

verkondig, maar wat nie ‘n ware verhouding met die Here het nie. Deur nie ‘n verhouding met die Here te hê nie, beroof jy jouself van die ware vreugde van Christen-wees. Dan is al jou beste pogings om ‘n goeie lewe te lei, bloot net die onderhouding van wette. Die Fariseërs het presies net dit gedoen - hulle was doodgoeie mense, maar Jesus het hulle witgepleisterde grafte genoem, omdat die verhouding met God ontbreek het.

Lees gerus op ons webwerf by **www.dagstukkie.co.za** onder afdeling **RUBRIEKE** die preek: “**Is jy moeg geprobeer?**” Hier word verduidelik hoe om werklik in ‘n verhouding met die Here te leef.

**Gebed:**

**Here, ek wil waarlik in ‘n sinvolle, hartlike verhouding met U leef. Trek my elke dag nader aan U.**



Gaan Na Inhoud

## Debora

## Rigters 4:1-14

Ons het ‘n rukkie gelede gekyk na die lewe van een van die baie interessante Rigters van Israel: Simson. Hy was nie die enigste Rigter nie - daar was ‘n hele klomp van hulle. Hulle hoofdoel was om leiding te gee aan die verskillende stamme, wat op daardie stadium verspreid gewoon het oor ‘n groot gebied. Die stamme het ook los van mekaar gefunksioneer, en slegs wanneer daar ‘n groot bedreiging kom, het sommige stamme saamgestaan om die vyand teen te staan.

Uit die geskiedenis van Israel oor die eeue, het ons ook al geleer dat dit slegs die manne was wat in tel was. Hulle het al die besluite geneem en hulle het oorlog gemaak. Die vrouens moes maar gedweë by die huis sit en die huiswerk behartig terwyl die manne die belangrike dinge gedoen het. Taai manne, was hulle daardie tyd - in Rigters 3:31 lees ons hoe die Rigter Samgar seshonderd Filistyne met ‘n sweepstok doodgeslaan het. Goeie sweepstokke wat hulle daardie jare gehad het......? Amper ‘n lagwekkende situasie, waar ’n onbekende



Gaan Na Inhoud

enkeling die professionele leër van die Filistyne verslaan sonder wapens - slegs ’n sweepstok. Maar eintlik is die fokus op die Here se wonderbaarlike redding.

Maar toe was daar Debora. Vir die eerste keer tree ‘n vrou op in ‘n leiersrol in Israel. Sy was ‘n profetes, en Rigter oor Israel. Van heinde en verre het die Israeliete na haar gekom waar sy regspraak moes lewer in die Efraimsberge. ‘n Ware steunpilaar was Debora vir die gemeenskap.

Maar alles was nie so wel in Israel nie. Rigters 4 begin met die bekende woorde: “Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here.” Hulle kon maar net nie uit die moeilikheid bly nie, en gedurigdeur bedroef hulle die Here. En dan laat die Here die Kanaänietiese Koning Jabin van Hasor vir Israel aanval. Aan die hoof van sy weermag is die gedugte Sisera met negehonderd ysterstrydwaens. Dit moes ‘n skrikwekkende gesig gewees het om hierdie wrede leër teë te kom. Vir ‘n volle twintig jaar lank terroriseer Sisera die verskrikte Israeliete. As hulle tog maar net na die Here wou luister, dan sou hulle al hierdie smarte gespaar gewees

het.

En dan praat die Here met Debora: sy moet vir Barak stuur om Sisera se leër te gaan verslaan by die Kisonspruit. Hy moet tienduisend manne vat en optrek teen Sisera - die Here sal Sisera se leër in sy mag oorgee.

Vir Barak lyk dit na ‘n onbegonne taak. Wat sal hulle ou uitgerafelde leërtjie nou teen Sisera kan uitrig? Dink maar net aan al daardie skrikwekkende strydwaens - genoeg om ‘n groot weermag nagmerries te gee. Nee, hy weet darem nie so mooi nie. En dan speel hy sy troefkaart - as hierdie vrou bereid is om saam met hulle te gaan, dan kan hy seker haar woord vertrou. “As u saamgaan, sal ek gaan veg, maar as u nie saamgaan nie dan bly ek nét hier.” ‘n Vroumens sal mos nie saam met hulle gaan veg nie, maak nie saak wie sy is nie! Hy is veilig!

Maar dan slaan Debora sy voete skoon onder hom uit: “Goed, ek sal saamgaan.” Maar Debora is nie gelukkig met Barak se lamsakkige houding nie. Sy maak dit vir hom baie duidelik dat hulle wél die geveg sal wen, maar hy wat Barak is gaan nie die eer kry vir die oorwinning nie. Dit

gaan ‘n vrou wees wat die magtige Sisera gaan oorwin!

En so gebeur dit dan dat Barak tienduisend weerbare manne bymekaarmaak uit die stamme van Sebulon en Naftali. Wanneer hy sy leër bymekaar het, kom Debora haar belofte na, en sy val in saam met die manne en hulle trek op van Bet-El af na die Kisonspruit toe.

Sisera het sékerlik gelag vir hierdie aanmekaargelapte leër wat teen hom kom optrek. Hy sal hulle in ‘n japtrap uitwis. En dan hoor hy boonop die skreeusnaakse berigte, dat ‘n vroumens die handjie moet vashou van die aanvoerder. Waar het jy al ooit so ‘n grap gehoor? Hy gee die bevel dat hulle sy negehonderd strydwaens bring. Moontlik is daar nie eers ‘n geveg nie, want as die Israeliete hierdie magtige wapen sien, wys hulle nét daar die hakskene!

Dit is ‘n vreesaanjaende weermag wat oorkant die Kisonspruit stelling inneem om die aankomende Israeliete in te wag. “Trek op!” sê Debora vir Barak, “Vandag gee die Here vir Sisera in jou mag oor.”

Hoeveel keer het die Israeliete nie al beangs voor ‘n onmoontlike situasie gestaan nie. En dan kom die Here op verrassende wyse en red hulle. Hoeveel keer het ek persoonlik nie al beangs gestaan voor ‘n onmoontlike situasie nie, en dan gee die Here redding uit ‘n totaal onverwagse bron. Die Here vra maar net dat ons Hom sal vertrou. Barak het nie nodig gehad dat Debora moes saam nie - die Here sou voorsien, selfs sonder haar. Kom ons vertrou die Here voluit - Hy is in volle beheer!

**Gebed:**

**Here, U was in Debora se tyd in beheer, en U is steeds vandag in beheer. Gee ons as gelowiges asseblief volle vertroue in U, al lyk die prentjie vir ons soms baie donker.**

## Die Groot Geveg

## Rigters 4:14-17

Sisera staan selfversekerd, selfvoldaan op sy strydwa. Sy perd trippel opgewonde rond, honger vir aksie. Agter Sisera staan negehonderd strydwaens, die manskappe geharnas van kop tot tone en bewapen tot die tande toe - ‘n vreesaanjaende gesig. Vandag is hulle lus vir hierdie geveg - hulle het dit al soveel keer gedoen. En hierdie een is teen ‘n verspotte leër van skaapwagters en boere wat absoluut niks van oorlog  af weet nie. Binne ‘n halfuur is die geveg verby!

“Daar kom die eerstes nou aan!” skree een van die offisiere. Sisera bars hardop uit van die lag as hy die aanvoerders aan die voorpunt van die leër van Israel sien, want daar, op ‘n donkie pryk die gestalte van Debora saam met Barak.

“Kyk, hulle het nie genoeg manne gehad nie, en nou span hulle die vrouens in om te kom veg!” spot hy, en dit bulder soos die manne lag.

Maar dan begin iets in Sisera kriewel - as hy sy kop draai, sien hy oral Israeliete uitpeuel. Dit lyk asof daar geen einde aan hulle is nie. Dit lyk



Gaan Na Inhoud

kompleet soos miere wat aangekriewel kom. “Waar kom hulle almal vandaan?” wonder hy hardop. Agter hom hoor hy hoe die manne mor - iets baie groot is hier verkeerd. En boonop is daar die onheilspellende gevoel wat in die lug hang rondom hulle, so asof hulle nie alleen is nie. Sisera het al gehoor van daardie God van Israel, en dat Hy soms dinge doen wat onmoontlik is. Hulle sê dat Hy vir die Israeliete ‘n grootpad regdeur die middel van die see gemaak het, en toe die Egiptenare se magtige leër in dieselfde see laat versuip het met strydwaens en al.

Een van die generaals kom na Sisera toe oorgestap: “Die manne is bang. Hulle sê dat hulle teen enige leër kan veg, maar hulle kan nie veg teen die Magte in die lug nie!”

Sisera voel hoe hy yskoud raak. Maar hy durf nie nou koue voete kry nie - hoe sal dit nou lyk? “Die manne is sommer simpel! Sê vir hulle, ons veg! Daar is géén Mag wat my, Sisera gaan stuit nie!”

En daarmee gee hy die bevel om aan te val. Die aanval is maar baie halfhartig, en die manne veg nie met hulle hele hart soos altyd nie. Dit voel



Gaan Na Inhoud

asof hulle nie teen die Israeliete nie, maar teen ‘n baie groter Mag veg. En boonop wil dinge maar net nie reg loop nie - die strydwaens...... hulle wil maar net nie lekker saamwerk nie.

Intussen, in die kamp van die Israeliete, maak Barak die manne stil. Die profetes, Debora het ‘n woordjie op die hart. Wanneer sy opstaan, sak daar ‘n doodse stilte toe oor die kamp. “Manne, die Here, die Almagtige God van Abraham en Isak en Jakob het met my gepraat. Hy het my veseker dat Hy vandag hierdie geveg in ons hande gaan gee. Die leër van Sisera lyk skrikwekkend, maar ons God is baie groter as hulle leër - by Hom is niks onmoontlik nie. Dink maar aan die Rietsee, en dink maar terug aan Jerigo, hoe die mure vanself geval het! God het hierdie land aan ons gegee - ons durf nie toelaat dat Sisera dit van ons af wegvat nie! Vandag sal die Kanaäniete sien dat ons God almagtig is. Maar vandag sal julle ook sien dat daar slegs één God is. Besluit vandag nog of julle Hom wil dien! Vergeet van die nuttelose afgode van die ander nasies en doen wat ons God van ons vra.”

Dit is ‘n begeesterde klomp Israeliete wat met primitiewe wapens op die senuweeagtige leër

van Sisera afstorm met bloedstollende krete. Sisera en sy manskappe is so verbouereerd dat dit net ‘n deurmekaar gemaal is van hulle strydwaens. Die wiele haak aanmekaar vas en alles is net chaos. Die uiteinde is dat die manne van die waens afspring en vir hulle lewens hardloop. Die Israeliete is soos ‘n swerm miere op hulle en agtervolg hulle. Een-vir-een word die Kanaäniete afgemaai, totdat daar uiteindelik nie een oorbly nie. Wel, daar het één oorgebly - Sisera. Maar hy het vroegtydig al sy strydwa weggesmyt en te voet die hasepad gekies. In hierdie berge beteken die strydwa absoluut niks! Maar die vraag is of hy vir God kan weghardloop?

Dit het swaar gegaan met die Israeliete, omdat hulle van God vergeet het en agter ander afgode aangeloop het. Maar God is genadig, en Hy probeer om Israel vir Hom terug te wen - hulle is steeds Sy volk ten spyte van hulle sonde. Ons moet mooi begryp dat God nie gelowiges straf nie. Maar wanneer ons van Hom af wegdwaal, is dit soms nodig vir Hom om drastiese stappe te neem om ons weer na Hom te laat terug draai - waar ons soms swaar kry in die lewe.

Maar dan moet ons ook deeglik besef hoe groot God se genade en Sy liefde is, en dat Hy ons selfs deur die grootste swaarkry aan die hand sal hou en ons daar deur sal dra. En ons moet ook weet dat geen probleem te groot is vir God nie. Al lyk dinge vir ons soms totaal onmoontlik, dan is dit steeds moontlik vir God. Ek het dit persoonlik al talle kere beleef.

**Gebed:**

**Here, dikwels lyk situasies vir my onmoontlik, maar vanoggend moet ek dit uitjubel dat U groot is, en dat ek gesien het hoe U die onmoontlike kan vermag!**



Gaan Na Inhoud

# Jael, die Heldin

## Rigters 4:15-5:31

Sisera is vir die eerste keer in sy lewe doodsbenoud. Sy strydwa het vir hom te stadig geword. Nee, dit is nie die Israeliete waarvoor hy vlug nie - dit voel vir hom asof hy van alle kante bedreig word - selfs van iewers bo in die lug. Dan spring hy van sy ysterstrydwa af en begin hardloop, waarheen weet hy self nie - net weg van hierdie angswekkende chaos af. Na wat vir hom na ‘n ewigheid voel, gaan staan hy, hygend na sy asem. Hy kyk terug, en dan tot sy verbystering sien hy hoedat sy ganse formidabele leër verwoes word deur ‘n spul halfgewapende veeboere. Hy voel naar as hy sien hoedat sy dapper manne vlug vir hulle lewens. Maar dit is nodeloos, want hulle word afgemaai deur die Israeliete.

“Hier moet ek wegkom!” hyg hy, en begin weer hardloop. En dan onthou hy skielik: “Geber die Keniet! Ja, Geber is mos ‘n vriend van Koning Jabin! Hy sal my skuiling bied teen hierdie barbare. As ek daar gaan wegkruip sal niemand my kry nie.”



Gaan Na Inhoud

Hy verander van rigting en hardloop so hard hy kan reguit na sy koning se ou vriend, Geber toe. Wanneer hy by Geber se tente kom, word hy ingewag deur Geber se mooi vrou, Jael. Sy sien sommer dadelik dat hierdie man in baie groot nood verkeer. Hy is uitasem en sy lippe is gebars van die dors. Om deur ‘n woestynlandskap te hardloop vir ure aaneen, is nie kinderspeletjies nie. “Kom in!” nooi sy hom haastig - sy het die vermoede dat hy agtervolg word. Die skaapwagtertjies het kom vertel van die verskriklike geveg, en dat die Kanaäniete besig was om die onderspit te delf.

“Jy lyk moeg.” Dit was ’n sinnelose opmerking - die man is stokflou!

“Asseblief, kan ek hier wegkruip,” pleit hy, “hulle soek my bloed. Moet asseblief nie vir hulle sê dat ek hier is nie!”

“Toemaar” paai sy hom, “Kom lê hier agter die gordyn - niemand sal jou hier kry nie.”

“En water, asseblief kan ek ‘n beker water kry.”

“Wag, ek het iets baie beter.” Jael verdwyn en keer dan terug met ‘n beker heerlike vars melk.

Skaars het Sisera die beker melk weggeslaan, of

die moegheid oorval hom en hy slaap soos ‘n baba. Dit is die oomblik waarvoor die slinkse Jael gewag het. Suutjies sluip sy die tent binne. In haar hand is ‘n dik, skerp tentpen en ‘n groot houthamer. Agter die gordyn kan sy vaagweg die silhoeët van Sisera uitmaak. Jael bewe van angs - sê nou net iets loop skeef. Sê nou net hy word wakker. Sê nou net sy korrel skeef. Daar is so baie dinge wat kan verkeerd gaan. Sy voel skoon naar. Versigtig druk sy die gordyn oor Sisera se kop. Met bewende hande hou sy die tentpen se punt waar sy slaap moet wees. Sy lig die swaar hamer hoog bo haar kop, en dan bring sy dit met al haar krag neer op die tentpen. So hard slaan sy, dat sy die pen dwarsdeur Sisera se kop slaan sodat dit hom in die grond vaspen.

Die naarheid oorval Jael en sy bars in ’n stortvloed van trane uit.

Skaars is die daad gepleeg, of Barak daag by Geber se kamp op. “Het julle dalk vir Sisera gewaar? Ek het hom in hierdie rigting sien vlug.”

Dan tree Jael na vore: “Ek het iets om vir Meneer te wys.” Sy neem hom na haar tent, en daar in ‘n plas bloed lê die onoorwinlike Sisera

dood op die vloer met ‘n tentpen deur sy slaap. Barak het die geveg gewen nes Debora voorspel het. Maar hy was nie die held in die verhaal nie, ook nie Debora nie, maar die Kenietiese vrou, Jael. Haar lof is besing deur die ganse Israel. Vir Koning Jabin van Kanaän was dit ‘n gevoelige slag, want nie alleen het hy sy strydwaens en ‘n groot aantal soldate verloor nie, maar ‘n bobaas generaal. Dit was die begin van sy einde - uiteindelik het Israel hom totaal vernietig.

Na hierdie gebeure skryf Debora ‘n lied. Hierdie is een van die héél eerste fragmente van die Bybel soos ons dit vandag ken wat ooit op skrif gestel is: die Oorwinningslied van Debora. In hierdie loflied besing sy die lof van God, want dit is Hy wat aan Israel hierdie oorwinning gegee het. Hierdie pragtige lied is vandag vir ons opgeteken in Rigters 5.

Die lied van Debora beskryf al die gebeure van hierdie geveg. Dit bring hulde aan die stamme wat deelgeneem het, en dit vermaan die stamme van Israel wat nie wou deel hê aan die geveg nie. En dit vertel hoe die Here die eer van die oorwinning van Barak af weggeneem het en dit vir ‘n eenvoudige vrou gegee het. Debora sing

oor hoe die Here op wonderbaarlike wyse, met vreesaanjaende verskynsels eintlik sélf die Kanaäniete oorwin het. Ons het eintlik simpatie met die arme Sisera as ons die pragtige loflied lees. En ons kan onsself daarmee vereenselwig, want ons wil saam met Debora hierdie lied tot eer van ons almagtige God sing.

**Gebed:**

**Here, ons wil sing van U, want U is groot en wonderbaar en almagtig, en U bewaar ons, U kinders.**

# Jefta

## Rigters 10:6-11

Die Israeliete het alweer (soos soveel keer tevore) gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here (v 6). In die inleiding van hierdie tydperk, lees ons hoe die Israeliete allerhande afgode aanbid het - Baäl en Astarte en die gode van Sidon, die Arameërs, die Ammoniete en die Filistyne. Dit was waarlik ‘n Godsdienstige krisis. Maar op politieke terrein beleef hulle ook ‘n krisis, want aan die een kant word hulle oorheers deur die Ammoniete, en van die ander kant af bedreig die Filistyne hulle weer. Boonop tree die Amoriete ook tot die stryd toe en laat Israel ernstig ly. Dit is nie maar toevallig dat hulle so onderdruk word nie, maar dit is God wat hierdie volke toelaat om Israel te karnuffel oor hulle afvalligheid.

Wanneer die Israeliete sien dat dinge baie warm begin word, kom kerm hulle by God en smeek Hom om verlossing - hulle bely plegtig dat hulle gesondig het. Wanneer die Here hulle antwoord, sien ons amper ‘n moedeloosheid van God oor Israel. Hy stuur hulle terug na hulle afgode toe -

hulle moet maar vir hulle gaan vra om hulle te verlos. Maar die Israeliete hou aan kerm - hulle is nou verskriklik jammer dat hulle so gesondig het. Die Israeliete voeg eintlik die daad by die woord, en probeer vir die Here wys dat hulle ernstig is - hulle gooi die afgode wat hulle gedien het uit, en hoop dat God hulle sou help.

Die vraag is of hulle werklik opreg is wanneer hulle hulle sondes bely voor God? Eintlik wil hulle die Here maar net gebruik wanneer hulle rêrag in die nood is. Doen ons dit nie ook maar nie? Ek het al talle male gesien hoedat iemand kom huil voor die Here wanneer hulle in nood is, om maar net weer terug te val sodra dit weer goed gaan. So maak ons dikwels van die Here ‘n “Noodgod”. Kan jy jou indink hoe die Here hierdie situasie moes beleef het? Hy het geweet dat hulle nie ernstig is nie!

Op daardie stadium is die Ammoniete juis weer besig om ‘n massiewe aanval op die Israeliete te loods. Hulle leër staan alreeds klaar opgestel, gereed vir die inval. In die kamp van Israel is daar nie eers iemand om leiding te neem met die verdediging nie - hulle is leierloos, en hulle val rond om iemand te kry wat bereid sal wees om

hulle te lei.

Tussen die manne van Israel is daar ‘n man wat homself onderskei het as ‘n dapper soldaat - sy naam: Jefta. Maar Jefta het ‘n bitter verlede. Hy was ‘n buite-egtelike kind - ‘n kind wat sy pa, Gilead by ‘n prostituut verwek het. Jefta is verwerp deur sy eie broers, en uiteindelik moes hy vlug vir hulle, weggejaag deur sy eie familie. Jefta gaan soek sy heil by ‘n klomp leeglêers. Jefta moes veg om oorlewing, en dit het hom rateltaai gemaak, en ‘n natuurlike leier.

Die mense van Gilead was in die nood, want hulle sien alreeds hoe die Ammoniete gereedmaak om hulle te verdelg. Dan hardloop hulle na Jefta toe, waar hy hom in Tob gaan vestig het, en smeek by hom om hulle te kom help veg, want hy is hulle enigste hoop.

Is dit nie ironies nie, dat hulle vir Jefta verwerp het net soos hulle vir God verwerp het. En net soos wat hulle na God gehardloop het toe die nood druk, hardloop hulle nou ook na Jefta toe, en verwag hy moet spring wanneer hulle hom vra om hulp. Jefta se reaksie? “Julle het my gehaat. Julle het my weggejaag. En nou kom


Gaan Na Inhoud

julle na my toe noudat julle in die moeilikheid is?”

Maar hulle soebat en smeek - hulle wil hom as hulle leier hê. Hulle het vir die Here gesê dat Hy hulle maar kan straf, maar Hy moet hulle asseblief nie in die hande van die Ammoniete laat val nie. Vir Jefta belowe hulle nou dat hulle sal doen nét wat hy vra, en dat hulle bereid is om die straf van die Here te dra as hulle nie na Jefta se pype dans nie.

Die Here antwoord die volk, dat Hy hulle sal red, wanneer Jefta instem om leiding te neem in die geveg. Sy leierskap word amptelik bekragtig in Mispa in die teenwoordigheid van die Here. Nou is die verhoog opgestel vir ‘n drama wat jou koue rillings laat kry. Maar hieroor gaan ons DV later gesels in ‘n volgende dagstukkie.h

Is die val-en-opstaan lewe wat baie gelowiges leef, nie dalk juis om dieselfde redes as wat vir Israel se wipplank-Godsdiens verantwoordelik was nie? Inderdaad het ek dit al self in my lewe beleef. Wanneer dit die dag goed gaan, dan vergeet ek van die Here. Ja, ek maak nog al die regte geluide, maar my verhouding met Hom is nie wat dit moet wees nie. Dit is eers wanneer

die nood die dag rêrag druk, dat ek weer besef hoe afhanklik ek van God is, en dan kry ek my verhouding met Hom reg, en pleit dat Hy my uit die verknorsing sal help. En sodra Hy dit gedoen het, is dit maar weer die ou storie. As gelowiges moet ons leer om in ALLE omstandighede in volle afhanklikheid naby God te leef.

**Gebed:**

**Here, ek wil graag in 'n konstante verhouding met U leef. Ek het U lief, Here!**

# Geloftes Maak Skuld

## Rigters 11:11-40

Jefta het ‘n groot agterstand in die lewe gehad. In die eerste plek kleef die verskriklike stigma aan hom, dat hy nie alleen ‘n buite-egtelike kind is nie, maar verder ook nog dat sy ma ‘n prostituut was. Hy kry nie dieselfde opvoeding en voorregte wat sy broers kry nie, want hulle jaag hom uit die huis uit. Sy enigste vriende is ‘n spul nikswerd leeglêers. Watter kans het so ‘n persoon in die lewe? Ja, hy ken die stryd om oorlewing en hy weet om te baklei. Maar sal hy ooit ‘n goeie leier kan wees? ‘n Goeie leier moet nie net kan baklei nie, hy moet ook weet hoe om strategies te dink en om te onderhandel.

Ons sal verwag dat Jefta gereed is om te baklei en die spul Ammoniete uitmekaar te jaag. Maar dan gebeur die onverwagse: Wanneer Jefta by die kamp van die Israeliete aankom, roep hy die leiers bymekaar. “Kom ons kyk of ons nie eers met die Ammoniete kan praat nie. As ons hulle kan oorreed om ons nie aan te val nie, dan kan daar mos geen lewensverlies aan ons kant wees nie. Wie weet, dit mag dalk net slaag.”

‘n Boodskapper word oorgestuur na die koning van die Ammoniete. “Is dit rêrag nodig dat ons oorlog maak? Wat het ons dan gedoen om dit te verdien? Kan ons nie maar in vrede uitmekaar gaan nie?”

Maar die koning is lus om Israel te verbrysel: “Julle het my land gevat toe julle uit Egipte getrek het. Ek wil dit terug hê!”

Maar steeds probeer Jefta om die saak te beredder. Weereens stuur hy boodskappers om die saak aan die koning te verduidelik. Hulle het nie die grond gevat nie - al wat hulle wou doen was om deurgang te verkry om na die beloofde land te trek. Die Ammoniete het geweier, en so ook al die ander volke wat hulle genader het. Israel het nie ‘n ander keuse gehad as om hulle pad deur die land oop te veg nie. Maar dit was driehonderd jaar gelede. Waarom nou weer ou koeie uit die sloot gaan opgrawe? Kan hulle nie maar die ou vetes vergeet nie?

Die koning van die Ammoniete hou hom egter doof vir Jefta se pleidooie - hy soek bloed! En dan kom die Gees van God oor Jefta, en lei hom om met Israel op te trek teen die magte wat die

Volk van God bedreig. Vir Jefta persoonlik is hierdie ‘n baie groot gebeurtenis, en hy is begeesterd. Maar hy besef dat hy teen ‘n gedugte vyand te staan gaan kom, en dat hy dit beslis nie kan doen as God nie saam met hom in die geveg ingaan nie.

En dan doen Jefta ‘n ding wat op die oog af baie edel klink: Hy maak ‘n gelofte aan God. “**As U die Ammoniete vandag heeltemal oorgee in my mag, sal dié een wat my uit my huis uit tegemoet kom wanneer ek behoue terugkom van die Ammoniete af, aan die Here behoort: ek sal hom as brandoffer offer.**”

Wat ‘n mooi gelofte om af te lê voor God! Die eerste dier wat hy op sy eiendom teëkom wanneer hy van die geveg af terugkom, sal hy vir die Here offer.

Die Here het gedoen wat Jefta gevra het. Jefta het teen die oorweldigende vyand opgetrek met die wete dat God hulle in sy hand sou gee. Die Ammoniete het ‘n vernederende loesing gekry, en druipstert moes die magtige leër op vlug slaan. En Jefta was die held van Israel. Triomfantlik keer hy terug na sy huis.

Maar dan gebeur die tragiese: Die nuus van sy oorwinning het sy familie bereik, en sy dogter - sy enigste kind - besluit om haar pa tegemoed te hardloop. Opgewonde oor sy oorwinning, hardloop sy en dans met tamboeryne en sy val hom om die nek.

Met ‘n skok besef Jefta dat hy daardie gelofte aan God gedoen het, en dat sy lieflingdogter die een is wat geoffer moet word. Wat ‘n triomftog moes wees, eindig in ‘n tragedie. Sy dogter se dans van vrede word ‘n dans van die dood. Jefta is platgeslaan en hy skeur sy klere. Twee maande later, nadat sy tyd gehad het om eers te gaan treur, het Jefta “met haar gehandel volgens sy gelofte wat hy afgelê het” (Rig. 11:39).

Jefta het God probeer manipuleer deur hierdie gelofte af te lê. God is ons liefdevolle Vader, en Hy sal vir ons sorg soos Hy weet die beste vir ons is. Ons kan Hom nie dwing om anders te doen nie, en om Hom te probeer manipuleer is nie alleen baie gevaarlik nie, maar dit is ook uiters disrespekvol teenoor God. Vandag maak baie mense nog steeds geloftes teenoor God, die dag wanneer hulle in die nood is. Maar wanneer dit tot uitvoer gebring moet word, dan is


Gaan Na Inhoud

dit ‘n ander saak. Die gelofte van Bloedrivier is ‘n goeie voorbeeld - hoeveel van ons steur ons vandag nog hoegenaamd aan daardie gelofte?

Maar dit gaan nie soseer slegs oor daardie plegtige geloftes nie, maar hoe dikwels gebeur dit nie in feitlik elke gelowige se lewe nie, dat ek tot die Here bid vir iets, en dan belowe ek dat as Hy dit vir my gee, dan sal ek elke dag toegewyd stiltetyd hou, of iets dergeliks. Kom dit nie maar op presies dieselfde neer nie?

**Gebed:**

**Here, ons wil vandag vinger wys na Jefta, maar dan moet ek bely dat ek al dikwels dieselfde gedoen het. Here, vergewe my asseblief.**

# Gideon

## Rigters 6:1-18

Dit word ‘n rympie wat oor en oor herhaal word: “Die Israeliete het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here”. Kan hulle dan nie leer nie? En weereens kry hulle bitter swaar, want die Here het hulle oorgegee in die hand van die Midianiete. So erg het die Midianiete hulle behandel, dat die arme Israeliete die berge ingevlug het. Langs bergstroompies en al die ontoeganklike plekke moes hulle gaan bly om uit die kloue van hulle onderdrukkers te kom.

Eers het die Midianiete begin om die Israeliete se landerye te teister. Later het hulle selfs die Amalakiete en die ander volke van die omgewing gekry om saam te span met hulle om elke koringland en wingerd en garsland te vernietig sodat Israel géén opbrengs gehad het nie. Hulle het selfs hulle vee - skape, beeste, donkies - elke dier wat hulle in die hande kon kry doodgemaak. En toe, om sout in hulle wonde te vryf, jaag hulle hulle eie veetroppe in die grondgebied van Israel in en vreet dit kaal. Israel het verarm. Hulle was in ellende gedompel.



Gaan Na Inhoud

Toe alles op sy ergste was, stuur die Here ‘n profeet om met die volk te gaan praat. Hy het hulle kaalkop die waarheid vertel: dit was hulle eie skuld dat hulle so diep in die moeilikheid was. Die Here het hulle bevry uit Egipte en vir hulle ‘n land gegee om in te bly. Maar wat doen hulle? Hulle loop agter ander gode aan!

En toe was daar Gideon. Hy het in Ofra weggekruip vir die Midianiete. Daar het hy in die geheim ‘n bietjie koring gegroei, en wonder bo wonder darem iets ge-oes. Op ‘n dag is Gideon besig om in sy pa se parskuip sy koring uit te slaan. As hy opkyk, sit daar ‘n vreemde Man onder die groot boom naby die parskuip. Gideon stap na die Vreemdeling toe, en die Man groet hom met: “Die Here is met jou, dapper man!”

Sommer dadelik is Gideon op sy agterpote: “Ekskuus Meneer, maar as die Here met ons is, waarom gebeur al hierdie dinge met ons?” Hoe kan iemand dan nog sê dat die Here met jou is, as die Here totaal van hulle vergeet het? Waar is Sy magtige dade waarvan hulle voorvaders so gepraat het? Hy het Israel in die steek gelaat!

Maar Gideon het nooit besef met wie hy praat

nie. Die Persoon onder die boom, was niemand anders as die Engel van die Here nie - God sélf in die Persoon van die Seun. Het hy dit geweet, sou hy dalk baie anders opgetree het.

Die Here verstaan egter Gideon se pyn en sy vrae. Hy berispe hom nie, en Hy sê nie vir hom: “Gideon, jy weet nie waarvan jy praat nie!” Hy neem totaal die wind uit Gideon se seile met ‘n opdrag: “Gideon, gaan met die krag wat jy het en red die Israeliete uit die mag van die Midianiete.” Gideon se mond val oop in ongeloof, maar nog voordat hy ‘n woord kan uitkry, sê die Here: “Toe, Ek stuur jou!”

Dan kry Gideon sy asem terug: “Ekskuus Meneer, maar waarmee sal ek die Israeliete gaan red?” En dan beskryf hy sy familie as die armste in die land, en hy is die kind in die gesin met die minste aansien. Waarom sou iemand hóm dan nou vir so ‘n taak kies? Die Here antwoord hom dat Hy by hom sal wees en dat hy, Gideon die Midianiete totaal sal verslaan.

Nou begin Gideon ‘n snuf in die neus kry: Is dit nie dalk moontlik dat hierdie Persoon God is nie? Maar dit kan tog nie wees nie! Maar sê nou

net....... “Meneer, sal U nie so vriendelik wees om vir my ‘n wonder te doen nie?” As dit die Here is, dan móét Hy tog ‘n wonderwerk kan doen? “Ek wil net seker wees dat U waarlik die Here is,” voeg hy vinnig by.

En dan kom nog ‘n gedagte by hom op: As dit dan die Here is, dan moet hy mos vir Hom ‘n offer bring! “Meneer, wag asseblief nét hier, ek gaan gou vir U ‘n offer haal.”

“Ek sal wag tot jy terug is.” verseker die Here vir Gideon.

Die verhaal van Gideon begin met groot droefheid en swaarkry, maar dan is daar ook ‘n tikkie humor in. Die Here wil graag vir Gideon gebruik vir groot dinge, maar hy is ‘n rowwe diamant, en daar is baie skaafwerk aan hom voordat hy gaan blink. Hy is baie skepties oor die Here, want hy kom self uit ‘n baie troebel agtergrond - ons sal later sien hoe troebel dit werklik was.

As ek terug dink aan my eie lewe, en waar die Here my gaan uithaal het, dan is dit ook in ‘n sin lagwekkend hoe ek die Here gewantrou het en jakkalsdraaie gegooi het. Maar die Here was

baie geduldig met my, nes met Gideon. Wanneer ek in ongeloof na Hom gekyk het, het Hy my met liefdevolle, vriendelike woorde na Hom toe getrek en my verseker dat Hy nét die beste vir my wou gee. Is dit nie dalk ook die storie van jou lewe nie? Ek dank die Here vir Sy wonderlike geduld met my!

**Gebed:**

**Here, dankie dat U my so onbeskryflik liefhet, ten spyte van al die kere wat ek al teen U gesondig het, my eie pad wou volg en U liefde van die hand wou wys.**

# Ontmoeting met God

## Rigters 6:19-32

Wanneer die Here aan Gideon verskyn, is hy steeds skepties. Is hierdie werklik die Here, of is dit dalk maar net ‘n profeet of boodskapper? Hy bied aan om vir die Man ‘n offer te bring, want as dit die Here is dan is dit mos die regte ding. Terwyl die Here vir hom wag onder die boom, hardloop Gideon gou en gaan slag ‘n bokkie en maak hom gaar. En hy vat sestien kilogram meel en bak daarmee ongesuurde brood. ‘n Mens eet mos nie so ‘n maaltyd droog nie, dus maak hy ‘n pan sous daarby.

Nou wonder ek maar net - hoeveel brode het Gideon gebak met 16 kilogram meel? Waarom so baie? Dis mos genoeg om vir ‘n hele afdeling soldate kos te gee!

Nietemin, met die brood en sous en die gaar bokkie is hy terug na die Here wat steeds vir hom onder die groot boom sit en wag. Dan kom daar vir Gideon ‘n opdrag: hy moet die brood en vleis op ‘n rots neersit en die sous daaroor gooi. Op Gideon se gesig is daar ‘n groot vraagteken, want dit is nie soos ‘n mens ‘n offer bring nie. Jy

sit dit mos op ‘n hoop hout, en dan steek jy dit aan die brand. Maar Gideon gehoorsaam, en hy maak soos hy beveel is. Die brood en vleis word op die kaal rots gepak en deurweek met die sous.

Dan tree die Here vorentoe, steek die stok in Sy hand uit na die offer en raak dit aan met die punt van die stok. Gevul met vrees, spring Gideon terug: Uit die koue rots uit vlam daar skielik ‘n vuur op - so warm dat dit die vleis en brood totaal verteer. Gideon besef skielik dat hierdie waarlik God is. Angs omklem sy hart, en hy val op die grond neer: “Ag Here my God, ek het die Engel van die Here van aangesig tot aangesig gesien!”

“Wees gerus Gideon! Moenie bang wees nie! Jy sal nie sterf nie!”

As Gideon opkyk, is die Man weg. Al wat oorbly, is die smeulende assies op die klip. Diep geraak deur sy onbeskryflike ervaring, bou hy net daar vir die Here ‘n altaar.

Wanneer die Here vir Moses roep, gaan dit gepaard met vuur (die brandende doringbos), en dit boesem vrees in by hom omdat hy besef dat


Gaan Na Inhoud

dit die Here is wat aan hom verskyn het. Presies dieselfde gebeur met Gideon, en weereens is die vuur die teken wat hom laat besef dat dit die Here is wat by hom is. Hierdie verskyning aan Moses, is ‘n baie groot oomblik, en Moses ontvang ‘n reuse taak om te verrig. Presies dieselfde gebeur met Gideon, en net soos Moses skram hy aanvanklik ook weg van hierdie opdrag. Hy is beslis nie goed genoeg om so ‘n groot taak uit te voer nie!

Daardie nag kan Gideon nie slaap nie, en die gebeure van die dag bly maal deur sy kop. En dan skielik word hy yskoud. Helder en duidelik hoor hy weer die stem van God: “Gideon, jou eerste taak is om jou pa se Baäl-altaar af te breek en vir My daar ‘n altaar te bou. Dan moet jy jou pa se sewe jaar oud bul vat en daarop offer vir My. Gebruik sommer jou pa se heilige paal om mee vuur te maak.”

Gideon skrik hom in ‘n ander geloof in, want hy weet sommer: hier kom groot moeilikheid! Sy pa se bul, sy pa se altaar, sy pa se heilige paal! En daardie goed is eintlik publieke eiendom, want al die mense van die stad gebruik dit in hulle Baälverering! Wat moet hy maak?

Gideon roep tien van sy slawe nader: “Vannag as dit donker is, het ons werk om te doen!” Terloops, jy sal onthou van die vorige dagstukkie, toe Gideon kla dat hy uit die héél armste familie kom. En dan het hy minstens tien slawe? Dit was dus net verskonings soek!

Onder dekking van die donker breek hulle sy pa se Baäl-altaar af, slag die bul, kap die paal af en maak die offerande. Wanneer die inwoners van Ofra die volgende oggend sien wat gebeur het, is hulle woedend. Almal wil hom nét daar doodmaak. Maar dan tree Joas, Gideon se pa na vore. Hy besef dat hulle ‘n verkeerde ding doen deur die Baälgodsdiens aan te hang. Gideon is reg - hulle moet God dien. As iemand die ander pad wil loop, gaan hy moeilikheid optel by Joas! Hier sien ons hoe ernstig die Baäl-godsdiens in Israel werklik was. Dit is dus géén wonder dat God hulle so swaar gestraf het nie!

Net soos Gideon, kry ek en jy dikwels ook opdragte van die Here, en dan herken ons Hom óók nie, of ons wonder of dit werklik Hy is. Die Heilige Gees fluister vir my: “Praat met Gert oor Jesus.” Maar ek maak dit af as my verbeelding, en boonop het ek twintig verskonings oor my


Gaan Na Inhoud

tekortkominge. Die Here sal nie vir ons ‘n opdrag gee bo ons vermoë nie. Boonop belowe Hy in die Woord dat die Heilige Gees vir ons al die wysheid en krag sal gee om daardie taak te kan uitvoer. Al wat Hy van ons vra is dat ons gehoorsaam sal wees en doen wat Hy vra. Soos Gideon, kan ons ook verwag om teenstand te kry as ons doen wat God vra. ‘n Afjak of selfs dat mense met jou spot, is nie ongewoon nie - ek het dit persoonlik al ondervind. Maar die geestelike waarde wat jy persoonlik daaruit kry, maak dit meer as die moeite werd. Maar dit is nie waaroor dit gaan nie - alles gaan eintlik oor God en Sy Koninkryk.

**Gebed:**

**Here, maak my asseblief gewillig om U opdragte uit te voer.**

## Die Manne Word Gesif

## Rigters 6:33-7:8

Die Midianiete besluit om Israel vir eens en altyd ‘n duur les te leer. Uit die ooste kom hulle, en kommandeer sommer die Ammoniete en ‘n klomp ander volke ook op om saam te kom veg, sodat hulle die Israeliete kan platvee. Hulle trek deur die Jordaanrivier en slaan kamp op in die Jisreëlvlakte.

Intussen is Gideon deur die Here aangesê om teen hierdie gedugte vyand te gaan veg - Hy sal die Midianiete in Gideon se hand gee. Die geluid van die ramshoring weerklink deur die hele Israel, en almal weet: oorlog is onvermydelik, alle weerbare manne moet kom aanmeld. Hy maak vir hom ‘n sterk leër van 32’000 man bymekaar uit nie minder nie as 5 van die stamme van Israel.  Nou is Gideon gereed om die Midianiete teen te staan. Boonop het die Gees van God ook van hom besit geneem, sodat hy al die toerusting het wat nodig mag wees.

Maar Gideon begin skielik twyfel. Die Engel van die Here het hom wel ‘n “dapper man” genoem, maar Gideon se dapperheid sit maar baie vlak

as hy hoor teen watter verskriklike leër hy te staan kom. “Here”, bid Gideon bewerig, “ek wil net dóódseker maak dat ek reg gehoor het, en dat U rêrag die Midianiete sal verslaan deur my leër. Ek vra asseblief net vir nóg ‘n wonderteken Here.....” En dan verduidelik Gideon vir die Here dat hy sal glo as hy ‘n stukkie vlieswol op die dorsvloer neersit, en die Here laat dit die oggend net op die wol dou en niks op die grond nie. Die Here het presies net dit vir Gideon gedoen, en toe hy die oggend opstaan, kry hy die natgedoude wol op die droë grond.

Maar steeds is Gideon bang. “Here, as U dit nou weer sou doen, maar hierdie slag moet die wol droog bly en die grond nat wees......” Vir hoeveel wondertekens moet ‘n mens God vra voordat jy sal glo? Weereens het God Gideon se versoek uitgevoer.

Gideon is byna nét so halstarrig as die res van die Israeliete. Nogtans verwerp die Here hom nie - Hy is geduldig met Gideon. En dan werp dit ook vrugte af, want Gideon trek op teen die Midianiete met ‘n reuse leër. Maar dit is nie wat die Here met hom wou doen nie: “Gideon”, sê die Here vir hom, “Jy het gans te veel

manskappe. Sê vir die wat bang is dat hulle huistoe moet gaan.”

Gideon kan sy ore nie glo nie. “Maar Here.....” wil hy nog protesteer, maar dan verduidelik die Here dat Hy wil bewys hoe magtig Hy is. En met so ‘n klomp soldate gaan hulle dink dat dit deur hulle oormag is wat hulle gewen het. Baie skepties stuur Gideon 22’000 manne huistoe. Daar bly net 10’000 manne oor om teen die Midianiete te veg.

Maar steeds is daar te veel manne vir die doel van God. “Vat hulle rivier toe Gideon, en laat die manne water drink. Dié wat die water met hulle tong oplek, moet jy ook huistoe stuur.” Gideon maak soos die Here beveel, en tot sy groot skok bly daar net 300 manne oor.

Gideon kry ‘n baie seer knop op sy maag: “Wat kan ek met 300 manne maak teen die gedugte leër van die Midianiete?”

Maar die Here lees Gideon se gedagtes: “Gideon, Ek gaan die Israeliete red met hierdie klein Gideonsbende van 300 manne. Ek gaan die magtige leër van die Midianiete oorgee in jou hand.”


Gaan Na Inhoud

Gideon voel skoon siek as hy 10'000 verdwaasde manskappe opdrag gee om terug te gaan huistoe. "Los vir ons die kos en die ramshorings" vra hy en stuur hulle op hulle pad.

Wat daar alles daardie middag tussen die manne gepraat is, sal ons nooit weet nie. Maar ek kan maar net raai. "Gideon het skoon die kluts kwytgeraak!" sou iemand sékerlik gesê het. "Ja, wat kan hy dan nou met 300 manne doen teen daardie klomp barbare?"

Hoe groot is ons vertroue werklik op die Here? Vertrou ons Hom 100%? Of wil ons Hom dalk ook partymaal so 'n bietjie aanhelp? Besef ons aldag hoe groot en almagtig Hy werklik is? Besef ons dat absoluut niks vir Hom onmoontlik is nie? Ja, en so dikwels twyfel ek en jy ook maar net soos Gideon, en dan vra ons die Here vir "tekens" sodat ons net dóódseker kan maak dat die Here werklik sal doen wat Hy belowe het.

Alles het te doen met vertroue. As daar 'n verhouding is tussen my en die Here, dan moet ek Hom ten volle vertrou in alle fasette van die lewe. In die eerste plek moet ek myself die vraag afvra of ek die Here vertrou vir die beloftes wat

Hy my in die Woord gee? As ek Hom as Verlosser aangeneem het, vertrou ek dat Hy my waarlik die ewige lewe en volle vergifnis gegee het soos wat Hy belowe in talle plekke in die Bybel?

As jy nie daardie sekerheid het nie, liewe leser, dan pleit ek vanoggend by jou om my dringend te kontak. Dit is ‘n saak van lewensbelang!

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek op U kan vertrou, en dat ek nooit hoef te twyfel nie.**

# Die Gideonsbende Slaan Toe

## Rigters 7:8-25

Gideon staan verslae. By hom is slegs driehonderd manne met groot vraagtekens op hulle gesigte. “Hoe gaan ons ou paartjies die oormag van die Midianiete aanvat?” kan jy op elke gesig lees. Oorkant die vallei staan die tente van die vyand opgeslaan. Oral waar die oog kan sien is soldate - soos ‘n bedrywige miernes krioel dit van hulle. “Hulle is soos die sand van die see!” merk een van die manne op met ‘n bewende stem.

“Toemaar, God sal hulle in ons hand gee!” verseker Gideon hom, maar diep binne in hom weet hy sélf nie so mooi nie. Sy kniekoppe klap eintlik teenmekaar, maar hy probeer sy kommer baie goed wegsteek.

“Kyk net al die kamele!” merk ‘n ander man op, “daar moet duisende wees - ek kan hulle nie eers tel nie.”

“Oooo toggie, môre is ons laaste dag!” kerm iemand.

Daardie nag kan Gideon nie slaap nie. Hy bly rondrol, en die grond voel vir hom bitter hard.

“Gideon”, hoor hy ‘n stem, “Gideon, staan op. Ek wil hê dat jy na die kamp van die Midianiete toe moet gaan.” Die Here het geweet hoe bang Gideon was, en Hy wou hom eers ‘n bietjie moed gee. “Gideon, vat jou slaaf Pura en sluip saggies die kamp binne. Moenie bang wees nie - niemand sal jou opmerk nie. Daar is iets wat Ek wil hê dat jy moet hoor in die kamp.”

“Pura, Pura word wakker!” skud Gideon die slaaf uit die vere, “Kom, ons het werk om te doen.”

Suutjies sluip die twee manne na ‘n ruk die laer van die Midianiete binne. As hulle langs een van die tente verbysluip, skrik Gideon dat sy hart in sy keel klop as iemand daar binne skielik regop sit. Gideon-hulle vries, en dan hoor hulle hoe die man sy maat wakkerskud. “Wat is dit tog?” wil die maat weet.

“Jong, ek het nou net ‘n verskriklike droom gehad. Ek droom dat daar ‘n ronde garsbrood teen die berg afgerol kom in die laer in. En toe rol die brood reguit na ons tent toe, en hy stamp die tent om sodat alles inmekaar tuimel! Sjoe, dit was angswekkend!”

Die maat bly ‘n rukkie stil, en dan antwoord hy

met ‘n bewende stem: “Weet jy wat? Dit is die swaard van daardie Israeliet Gideon! Ek sê jou nou al: Hulle God gaan ons hele leër uitwis dat daar niks van ons oorbly nie! Dis ‘n voorbode, ek sê jou dit nou!”

Buite die tent prewel Gideon: “Dankie Here!” Hy vat sy slaaf aan sy arm en beduie vir hom dat hulle moet gaan. En so suutjies as wat hulle die kamp ingesluip het verdwyn hulle weer. Wanneer hulle terugkom in die Israeliete se kamp, maak hy al die manne wakker. “Kom manne, die Here het so pas die Midianiete in ons mag oorgegee!”

Hy verdeel die manne in drie groepe, en elke man kry ‘n ramshoring, ‘n leë erdekruik en ‘n fakkel. “Nou moet julle mooi luister”, sê hy vir hulle. Hy verduidelik hoe hulle die kamp gaan omsingel. Die fakkels moet hulle binne in die kruike dra sodat niemand die lig kan sien nie.

In stikdonker sluip hulle tot reg by die laer. Hulle sien hoedat die wagte omgeruil word, en dan wag Gideon net totdat die laaste wag in sy tent verdwyn voordat hy die teken gee. ‘n Onaardse, bloedstollende klank vul skielik die lug as Gideon op sy ramshoring blaas. Soos een man blaas al

driehonderd manne gelyk op hulle ramshorings reg rondom die kamp. Hulle breek die kruike, en skielik is daar oral net fakkels en bloedstollende krete van die Gideoniete.

Dan breek totale chaos uit in die kamp. Die manne gryp in die pikdonker na hulle swaarde en begin woes veg met 'n vyand wat hulle nie kan sien nie. Oral hardloop mense vreesbevange al gillend rond, want die magte van Gideon en sy God is op hulle. In die chaos maak die soldate mekaar op strepe dood. Uiteindelik begin hulle effens rigting kry, en hulle besef dat die oorhand totaal te groot vir hulle is. Hulle slaan op die vlug en hulle hou nie op hardloop totdat hulle al ver oorkant die Jordaanrivier is nie.

Dan stuur Gideon boodskappers na die manne van Naftali, Aser en Menasse om te kom help om die Midianiete te agtervolg. Ook die manne van Efraim is opgeroep - hulle moes die Jordaangebied kom beset. Daar het die manne dan ook twee van die groot leiers van die Midianiete gevang en doodgemaak.

Hierdie was waarlik 'n sege wat vir elkeen gewys

het dat dit nie ‘n sterk leër is nie, maar dat dit God was wat Israel gered het, soos wat Hy soveel keer tevore al gedoen het.

Vertrou ons (ek en jy) werklik die Here? Gister het ons ook daardie vraag gevra. Maar ek dink dat dit nodig is dat ons daagliks die vraag vir onsself afvra of ons die Here vertrou met ons hart en siel en verstand en al ons kragte, en of ons Hom ook so onvoorwaardelik liefhet.

**Gebed:**

**Here, vandag wil ek bevestig dat ek U onvoorwaardelik vertrou met alles binne-in my.**



Gaan Na Inhoud

# Die Finale Oorwinning

## Rigters 8

Die manne van Israel het die Midianiete agtervolg oor die Jordaan soos Gideon hulle beveel het. Dit was egter slegs drie van die twaalf stamme wat aan hierdie operasie deelgeneem het. Nogtans het daar 120’000 Midianiete gesneuwel in hierdie geveg en die verwarring wat Gideon gesaai het die nag van die aanval. ‘n Vierde stam, Efraim moes die Jordaangebied beset, en in die proses kon hulle ontslae raak van twee van die groot Midianietiese leiers.

Intussen is daar groot ongelukkigheid by sommige Israeliete. Die manne van Efraim wou eers weet waarom hulle nie ook kon deelneem aan die agtervolging nie? Gideon moet vure doodslaan en mooi verduidelik dat hulle ‘n groot taak gehad het.

Dit is ‘n nuwe Gideon wat ons hier ontmoet. Nog enkele dae tevore was hy die man wat allerhande verskonings gesoek het om nie te gaan veg nie. Hy was bang - hy vra die Here voortdurend vir allerhande tekens net om

dóódseker te maak dat die Here hom werklik sou laat wen. Maar hierdie nuwe Gideon loop oor van selfversekering. Nog steeds net met sy klein bende van 300 man, steek hy die Jordaanrivier oor. Die Midianiete het nou diep die woestyn ingevlug, maar Gideon was nie tevrede nie. Hy sou nie rus voordat hy die twee konings in bevel gevange geneem het nie. Dit raak by hom ‘n obsessie.

Maar ‘n weermag moet eet ook, en wanneer Gideon oor die Jordaan is, doen hulle by die eerste stad aan - Sukkot. Hy vra of die mense hulle daar asseblief kan help met kos - hulle is immers op ‘n baie edel sending. Die Midianiete is net soveel die vyand van die inwoners van Sukkot as van die Israeliete. Die Sukkotters weier egter. Gideon is woedend, maar dan beweeg hy en sy manne maar aan na die volgende stad, Pniël met dieselfde versoek, en weereens word hulle geweier.

Gefrustreerd strompel Gideon en sy driehonderd manne voort, uitgeput en honger. By Karkor kom hulle die Midianiete teë waar hulle houtgerus uitgespan het. Die Israeliete het hulle agtervolging al lankal gestaak, en nou sit die

klompie wat oorgebly het hulle wonde en lek. Van die oorspronklike magtige leër van 135’000 soldate het daar nou ‘n skamele 15’000 oorgebly. Gideon betrap hulle totaal onverhoeds. Die Midianiete spat uitmekaar en vlug verskrik. Gideon sit die twee konings agterna en neem hulle gevange.

Met hulle twee gevangenes pak hulle die pad aan terug huistoe. Hulle doen weer aan by die twee stede wat hulle hulp geweier het, en loods ‘n strafekspedisie teen hulle uit weerwraak vir hulle ongasvrye ontvangs. Later word die twee konings ook tereggestel.

By sy terugkeer, is Gideon die held van die hele Israel. Vir sewe jaar lank het die Midianiete hulle lewe versuur, en dan kom Gideon en bevry hulle. Nou wil hulle net een ding hê: dat Gideon hulle koning word. Hy en sy nageslag moet oor hulle regeer, net soos wat al die ander volke maak. Maar Gideon weier: “Ek kan nie oor julle regeer nie.” Die manne is baie teleurgestel - hier is uiteindelik ‘n leier met murg in sy pype! “Nee”, hou Gideon vol, “Die Here is die Een wat oor Israel regeer. Ons is anders as die ander volke. Ons het nie ‘n koning nodig nie, want God is ons

Koning.” Gideon wou die volk laat verstaan dat dit nie hy was wat die oorwinning behaal het nie, maar God.

Dit was baie edel van Gideon. Maar dan doen Gideon ’n dwase ding waaroor hy beslis nie mooi gedink het nie. Hy vra dat elke soldaat vir hom ‘n goue oorring moet bring van die goed wat hulle gebuit het tydens die geveg. Dankbaar vir sy leiding, bring die manne hulle buit. Byna twintig kilogram goud word bymekaargemaak. “Hiermee gaan ek ‘n efodbeeld maak om die volk te herinner aan die teenwoordigheid van God.” besluit hy. Die beeld word gemaak en in Ofra geplaas waar hy bly.

Maar dan gebeur die tragiese - dit herinner mense nie net aan God nie, maar die beeldjie ontaard in ‘n voorwerp van aanbidding - ‘n afgod! Uiteindelik verval die volk ook maar net weer in totale afgodsaanbidding. Hy sterf as ‘n ou man en laat 70 seuns na.

Uit Gideon se lewe is daar vir ons so baie om te leer. Hy doen die edelste dinge, maar dan net daarna doen hy dwase dinge wat uiteindelik die volk se ondergang beteken.


Gaan Na Inhoud

Ek en jy het duidelike riglyne uit die Woord oor hoe om op te tree en wat goed en reg is vir die Here. Om byvoorbeeld soos Gideon ‘n beeld te maak om ons aan God te herinner, kan baie gevaarlik wees, en dit kan maklik ‘n afgod word. So kan ons byvoorbeeld van ‘n kerkgebou ‘n afgod maak. Ons kan selfs van ons diens aan die Here ‘n afgod maak, as dit begin gaan oor die diens eerder as oor God. Iemand het gesê dat dit gevaarlik raak as ons Godsdiens gaan oor die dinge van die Here, eerder as die Here van die dinge! Kom ons vergeet die dinge en fokus op God!

**Gebed:**

**Here, U is alles in my lewe. U alleen wil ek aanbid. Gee my asseblief die wysheid om te kan onderskei oor die dinge wat vir my belangrik lyk.**

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.
Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE

zapper™



Gaan Na Inhoud